

HOOFSTUK XXII.

WERKWOORD (vervolg).

ONREËLMATIGE WERKWOORDE.

Reëlmatic beteken „volgens reël;” onreëlmatic is dus „nie volgens reël nie.” Die reëls van die vervoeging van werkwoorde is nou hierbo aangegee. Die w.w. wat nie hierdie reëls in alle opsigte volg nie, is dus onreëlmatic. Party is onreëlmatic in een opsig, party in ander opsigte. Hulle word dus in klasse verdeel volgens hulle onreëlmaticiteit en hieronder aangegee.

Klas I.—Heeltemal Onreëlmaticite Werkwoorde.

(1) Die werkwoord is:—

Aantonende Wys.

Teenw. tyd.

Verlede tyd.

Ek is.

Ek was.

Jy of u is, *ens.*

Jy was, *ens.*

Toek. tyd.

Volm. verlede tyd.

Ek sal wees.

Ek was gewees.

Jy sal wees.

Jy was gewees, *ens.*

Byvoegende Wys.

Teenw. tyd: Ek mag wees, of Ek sou wees.

Verl. tyd: Ek mag gewees het, of Ek sou gewees het, *ens.*

Onbepaalde wys (infinitief): Wees.

Gebiedende wys: Wees, b.v. *Wees goed.*

Teenwocordige declwoord: Synde.

Verlede deelwoord: Gewees.

(2) Die w.w. *het* :—

Aantonende Wys.

<i>Teenw. tyd.</i>	<i>Verlede tyd.</i>
Ek het.	Ek had, of het gehad.
Jy het, <i>ens.</i>	Jy had, <i>ens.</i>
<i>Toek. tyd.</i>	<i>Volm. verlede tyd.</i>
Ek sal hê.	Ek had gehad.
Jy sal hê, <i>ens.</i>	Jy had gehad, <i>ens.</i>

Byvoegende Wys.

Teenw. tyd. : Ek mag hê, *ens.*, of Ek sou hê.

Verl. tyd. : Ek mag gehad het, of Ek sou gehad het.

Onbepaalde wys. : Hê en Het.

Gebiedende wys. : (Geen)

Teenwoordige deelwoord. : Hebbende.

Verlede deelwoord. : Gehad.

N.B.—Hierdie w.w. beteken „te besit.” Ons gebruik egter sy teenwoordige vorm *het* om die verlede tye van die ander w.w. te vorm, wanneer dit geen betekenis het nie, maar net die funksie van 'n hulpw.w. vervul. (Sien Reëlmatige Werkwoord, Opm. ii.)

Klas II.—Gedeeltelik Onreëlmatige Werkwoorde.

(A) Werkwoorde wat in die verlede tye onreëlmatig is en ook geen verlede deelwoorde het nie.

Onder hierdie klas val die suiwer hulpw.w. *sal, kan, moet, mag, wil* en *durf*.

'n Suiwer hulpw.w., soos reeds gesê, kan nie alleen staan nie en kan dus geen volmaakte begrip

uitdruk nie, tensy dit gevolg word deur die inf. van die een of ander werkwoord.

B.v. *Ek moet* het geen betekenis nie, tensy *loop* of *slaan* of 'n werkwoord van dié aard agteraan gebruik of veronderstel word. Die werkwoorde *word*, *het* en *is* kan alleen staan, soos *Hy word groot*; *Ek het 'n boek*; *Hy is soet*. Hulle word as hulpw.w. ook gebruik; maar omdat hulle nie suiwer hulpw.w. is nie, word hulle deur die verlede deelwoord gevolg, b.v. *Hy word geslaan*; *Hy het geloop*; *Dit is gesteel*.

VERVOEGING VAN SUIWER HULPWERKWOORDE:

Daar hierdie w.w. nie alleen kan staan nie, moet ons hulle vervoeg met die inf. van een of ander w.w. Ons neem dus die w.w. *werk*.

Aantonende Wys.

Teenw. tyd: Ek sal, kan, moet, mag, wil (werk).

Verl. tyd: Ek sou, kon, moes, mog, wou (werk).

Toek. tyd: Ek sal kan, sal moet, sal mag, sal wil (werk).

Volm. verl. tyd: Ek sou, kon, moes, mag, wou (gewerk het).

Onbepaalde wys (reëlmartig): Kan, moet, mag, wil. *Sal* het geen infinitief nie.

Teenwoordige Deelwoorde.

Kunnende, moetende, willende. Die teenw. deelw. van *mag* (*mogende*) word nooit in Afrikaans gebruik nie. Hierdie werkwoorde het geen verl. deelw. nie en ook geen gebiedende wys nie, behalwe *moet*. *Moet* word gebruik om die gebiedende wys van ander werkwoorde te vorm, b.v. *Jy moet werk*; *Julle moet werk*.

Daar 'n mens *mag* gebruik om die byvoegende wys te vorm, word hierdie werkwoorde selde in die aantonnende wys gebruik.

Die woordjie *sou*, egter, word dikwels gebruik met die een of ander van hierdie w.w., en in so'n geval kry ons 'n eienaardige en onreëlmatige konstruksie. *Sou* is 'n suiwer hulpw.w. en behoort dus altyd deur 'n inf. gevolg te word. Word dit dus deur 'n ander suiwer hulpw.w. gevolg, dan behoort dié ook in die inf. te wees sowel as die w.w. wat op die tweede hulpw.w. volg, b.v. *Sou* behoort te hê 'n inf. van *kan*, inf. van *werk* (*sou kan werk*). In plaas hiervan sê die meeste mense *sou kon werk*—dieselfde met *moet* en *wil*. So is die gebruiklike taal hier. *Hy sou dit nie wou* (i.p.v. *wil*) *doen nie*; *Hy sou dit moes* (i.p.v. *moet*) *doen*. Die reëlmatige vorme word ook gebruik, soos:—

- 1.—*Sou kan werk*, naas *sou kan*.
- 2.—*Sou moet werk*, naas *sou moes*.
- 3.—*Sou wil werk*, naas *sou wou*.

Mag is reëlmatig in hierdie opsig, soos *Hy sou mag werk*. Van die drie w.w. is dit *kan* wat die meeste in die onreëlmatige vorm gebruik word. Hierdie gebruik het miskien op dieselfde manier in die taal gekom as *staan en praat*, sodat *Hy sou kon werk*, kom van die idee *Hy sou en hy kon werk*.

(B) Werkwoorde wat alleen in die verlede onreëlmatig is.

1.—Vervoeging van die werkwoorde *word* en *dink*.

Daar hierdie w.w. in al hulle ander dele reëlmstig is, gee ons net hier die verlede tyd aan (onreëlmstig).

Word :

Ek werd, of het geword.

Jy werd, of het geword, ens.

Dink (dag) :

Ek dag, dog, of het gedink (gedag).

Jy dag, dog, of het gedink (gedag).

Dink het nie minder as drie vorme van die verl. deelwoord nie, nl. *gedink*, *gedag* en *gedog*. In die verlede ook word *dog* naas *dag* gebruik.

2.—*Durf* (suiwer hulpw.w.). Sy teenwoordige tyd is reëlmstig, soos *Ek durf dit doen*. Die verl. is *Ek het dit durf* (in plaas van *gedurf*) *doen*; *Jy het dit durf doen*; ens. Die toekomstige tyd is *Ek sal dit durf doen*, ens.

Die verlede deelwoord, *gedurf*, kom alleen voor waar die tweede w.w. verswyg word, b.v. *Hy het dit nie gedurf nie*, vir *Hy het dit nie durf doen nie*.

3.—Die w.w. *behoort* en *hoef*. *Behoort* het altyd die *t* aan die end in die teenw. tyd. Dit het twee betekenisse, soos :—

(a) *Dit behoort aan my* (besitting). Met hierdie betekenis is dit heeltemal reëlmstig in sy vervoeging, b.v. *Ek behoort (aan hom)*; *Ek het aan hom behoort*; *Ek sal aan hom behoort*. In die verlede deelwoord laat baie mense die *t* val. *Behoort* is egter die gebruiklikste.

E

(b) *Ek behoort dit te doen* (moet). Met hierdie betekenis kan *behoort* net in die teenwoordige en verlede tye gebruik word: Die verlede is *Ek behoort dit te gedoen het*, of *Ek moes dit doen*. Die toekomstige tyd is *Ek sal dit moet doen*.

Die w.w. *hoef* het ook die betekenis van „nodig te wees.” Dit word net in die teenwoordige tyd gebruik, en dan ook net met die ontkenning *nie*, b.v. *Ek hoef dit nie te doen nie* (Dit is nie nodig vir my nie; ens.).

Jy hoef dit nie te doen nie. Die verlede hiervan is ook *Dit was vir jou nie nodig om*; ens.

Klas III.—Werkwoorde wat twee vorme het. Altwee vorme word heeltemal reëlmatig ver-voeg.

(A) Werkwoorde op *-g* word gebruik met of sonder die *g*, b.v. *klaag, kla; vraag, vra; jaag, ja; draag, dra; leg, lê; seg, sê; kryg, kry; vlieg, vlie; ploeg, ploë; veeg, vee*.

Voorbeeld: *Ek vraag (of vra); het gevraag (of gevra); sal vraag (of vra)*.

(B) Party w.w. op *-g* verloor die *-g* en neem *-e*. Altwee vorme word gebruik, soos *ryg, rye; buig, buie; getuig, getuie; weeg, weë*.

Voorbeeld: *Ek ryg (of rye) die krale in*.

Die vorme sonder *-g* is verkiesliker, maar ons kry die *-g* weer in die verlede deelwoord, b.v. *ingelegde vis; gedroogde perskes; ingerygde krale*.

2.—Werkwoorde op *-f* het ook twee vorme; èen op *-f* en 'n ander op *-we*, soos *skryf, skrywe; leef, lewe; vryf, vrywe; kleef, klewe; dryf, drywe.*

N.B.—Die werkwoorde *geef, blyf* en *geloof* het weer die vorme *gee, bly, gelowe* of *glo*.

Voorbeeld: Ek *skryf* (of *skrywe*), het *geskryf* (of *geskrywe*); Ek *geef* (of *gee*), het *gegeef* (of *gegee*).

3.—Party werkwoorde op *-ui* en *-ei* het 'n tweede vorm op *-e*, soos *wei, weie; bedui, beduie*.

Voorbeeld: Die skape *wei* (of *weie*) in die veld; Ek het hom daarheen *bedui* (of *beduie*).

Klas IV.—Werkwoorde wat nog ou *sterk* verlede deelwoorde het, wat ons nou meestal net as byvoeglike naamwoorde gebruik.

KLAS I.—Kort of lang *a* in die stam van die verl. dw.

	<i>Reëlmatige verl. tyd met verl. dw.</i>	<i>Ou sterk verl. dw. nou meestal as byv. n.w. gebruik; asook samestellinge.</i>
blaas	het geblaas	geblase, opgeblase; ook geblaasde
bring	„ gebring	gebragte, uitgebragte
dink	„ gedink, dag, dog	deurdagte. (<i>plan</i>)
doen	„ gedoen „ gedaan	gedané (<i>sake</i>)
skop	„ geskop	geskape; wanskape (<i>vgl. geskepte</i>)
slaap	„ geslaap	uitgeslape (ontslapene).
span	„ gespan	gespanne <i>aandag</i> ; ook gespande
was	„ gewas	gewasse, opgewasse, volwasse (<i>vgl. gewaste</i>)

KLAS II.—Lang e in die stam van die verl. dw.

(a) Met y in die infinitief.

Werkw.	Reëlmätigē nerl. tijd mēt verl. dw.	Ou sterk verl. dw. nou meestal as byv. n.w. gebruik; asook same- stellinge.
blyk	hot geblyk	gebleke
bly	„ gebly	geblewe (agtergeblewene)
kry	„ gekry	gekreë, her- of verkreë <i>reçte</i>
ly	„ gely	gelede <i>smarte</i>
oorly	is oorlede (uits.)	oorlede
ry	het gery	gerede, berede <i>perd</i> ; ook geryde
rys	„ gerys	gerese; ook gerysde
slyp	„ geslyp	geslepe <i>vent</i> ; ook geslypte
sny	„ gesny	gesnede <i>trekke (gesig)</i> ; ook ge- snyde
skryf	„ geskryf (we)	geskrewe, beskrewē, voorgeskrewe; ook geskryfde
stry	„ gestry	gestrede
swyg	„ geswyg	verswë
verdwyn	„ verdwyn	verdwene
wys	„ gewys	gewese, aangewese (<i>vgl. gewese vriende</i>)

(b) Met 'n ander vokaal in die infinitief.

bid	„ gebid	gebede, aangebede
eet	„ geëet	gegete (<i>geëta brood</i>)
hef	„ gehef	gehewe, verhewe
gee	„ gegee	gegewe, uitgegewe
lees	„ gelees	gelese, deurgelese; ook geleesde
lê	„ gelê	geleë <i>stad (gelegde, of gelêde, eiers)</i>

KLAS III.—Kort o in die stam van die verl. dw.

bêderf	het bederf	bedorwe; ook bederfde
berg	„ geberg	geborge, verborge
(bêre)	„ gehêre	
besin	„ besin	besonne, onbesonne <i>daad</i>
bind	„ gebind	gebonde, verbonde; ook gebinde
dring	„ gedring	gedronge, ver-, in- en opgedronge
drink	„ gedrink	gedronke, verdronke; ook ge- drinkte
ding	„ gedwing	gedwonge <i>onderwys</i>
help	„ gehelp	geholpe

<i>Werkw.</i>	<i>Reëlmatische verl. tyd mel verl. jdw.</i>	<i>(Ou sterk verl. dw. nou meestal as byv. n.w. gebruik; ook samestellinge.)</i>
klink	„ geklink	geklonke, beklonke <i>saak</i>
koop	„ gekoop	gekogte, verkogte; <i>ook</i> gekoopte
krimp	„ gekrimp	bekrompe <i>man</i> ; <i>ook</i> gekrimpte
send	„ gesend	gesonde, versonde
sing	„ gesing	gesonge <i>lied</i>
sink	„ gesink	gesonke <i>skip</i> ; <i>ook</i> gesinkte
skend	„ geskend	geskonde <i>eer</i>
skink	„ geskink	geskonke, beskonde <i>man</i> ; <i>ook</i> geskinkte
sterf	„ gesterf <i>of</i> is gestorwe.	geskonke, beskonke <i>man</i> ; <i>ook</i> gesterfte
trok	het getrek	getrokke, betrokke <i>lug</i>
verslind	„ verslind	verslonde
vind	„ gevind	gevonde
werp	„ gewerp	geworpe, verworpe; <i>ook</i> verwerpte
wen (win)	„ gewen	gewonne <i>prys</i> ; gewonde, opgewonde <i>kinders</i> ; <i>ook</i> opgewende

KLAS IV.—Lang o in die stam van die verl. dw.

bederf	het bederf	bedorwe
bedrieg	„ bedriëg	bedroë
beveel	„ beveel	bevole, aanbevole
bid	„ gebied	gebode, verhode, aangebode
breek	„ gebreek	gebroke; <i>ook</i> gebreekte
buig <i>of</i> buie	„ gebuig	geboë, verboë; <i>ook</i> gebuigde
druip	„ gedruip	gedrope <i>kandidate</i>
geniet	„ geniet	genote
help	„ gehelp	geholpe
kies	„ gekies	gekose, verkose (uitverkorene)
kom	„ gekom	gekome, aangekome <i>gaste</i>
neem	„ geneem	genome <i>besluit</i> , aangenome <i>kind</i>
skiet	„ geskiet	geskote, opgeskote <i>seun</i> ; <i>ook</i> geskiete
sluit	„ gesluit	geslote, op- en ingeslote; <i>ook</i> gesluite
spreek	„ gespreek	gesproke (toegesprokene)
steek	„ gesteek	gestoke, ver- en ontstoke; <i>ook</i> gesteekte.
steel	„ gesteel	gestole; <i>ook</i> gesteelde
sterf	„ gesterf	gestorwe, bestorwe, af- <i>of</i> uitgestorwe
swear	„ gesweer	geswore.

Werkw.	Reëlmatige verl. dw. verl. tyd met	Ou sterk verl. dw. nou meestal as lyv. n.w. gebruik; asook same- stellinge.
vlieg	„ gevlieg	vervloë <i>regte</i>
vries	„ gevries	gevrore, bevrore
verloor	„ verloor	verlore; ook verlorde
weeg of weë	„ geweeg „ geweë	gewoë, oorwoë: ook geweegde
werp	„ gewerp	geworpe, verworpe

N.B.—Die meeste van die bo-aangegewe w.w. het naas hul sterk verlede deelw. ook nog 'n swak vorm wat dikwels gebruik word. Dikwels gebruik die Afrikaner as hy net 'n bietjie deftig wil wees, die sterk vorm, waar 'n mens anders die swak vorm ewe goed kon gebruik het, b.v. *die geskote springbok* en *die geskiete springbok*.

Baie werkwoorde het naas hul reëlmatige veri. deelw. ook nog 'n sterk vorm aangeneem. In sulke gevalle word die sterk verl. deelw. gebruik as die w.w. in sy oordragtlike betekenis gebesig word, maar die reëlmatige vorm word gebruik met die w.w. in sy gewone sin, b.v. :—

Die *opgewende* horlosie wil nie loop nie.
 Die *opgewonde* kinders kan nie leer nie.
 Hy sny met 'n skerp *geslypte* mes.
 Koos is 'n *geslepe* karnallie.
 Ons kan nie deur 'n *gesluite* deur gaan nie.
 Sy gedagte is 'n *geslote* boek vir my.
 Ma gee my 'n tienie vir my *uitgetrekte* tand.
 Sy gedagte is so *afgetrokke*, hy kan nie leer nie.

Die twee vorme (sterk en reëlmatig) kan ook nog predikatief gebruik word. Die reëlmatige

svorm is dan 'n suiwer verl. deelw., terwyl die sterk vorm 'n byv. n.w. is; b.v. :—

Hy het die medisyne *ingeneem* (verl. deelw.).

Hy is *ingenome* met my plan (byv. n.w.).

Die klere het baie *gekrimp* (verl. deelw.).

Die man is baie *bekrompe* (byv. n.w.).

Outa Klaas het 'n bottel bier *gesuip* (verl. deelw.).

Outa Klaas is heeltemal *besope* (byv. n.w.).

Hy het *besluit* om nie te gaan nie (verl. deelw.).

Die Boere was vas *beslote* om Dingaan te straf (byv. n.w.).

HOOFSTUK XXIII.

WERKWOORD (vervolg).

VORM.

'n Werkwoord kan in die *bedrywende* of *lydende vorm* wees. In die bedrywende vorm is die onderwerp die bedrywer van een of ander handeling, soos *Hy slaan die hond*.

In die lydende vorm is die onderwerp die lydende party, nl. aan wie iets gedaan word, soos *Die hond word deur my geslaan*. Die lydende vorm van *slaan* is dus *word geslaan*. Ons vorm dus die lydende vorm met *word* en die verl. deelw. van die w.w. wat ons wil gebruik. Alle werkwoorde het 'n bedrywende vorm, maar alle werkwoorde het nie 'n lydende vorm nie, b.v. *Ek kom, gaan, slaan, sien, hoor*, ens., is almal bedrywende vorme; maar van die genoemde w.w. het *slaan, sien, hoor* alleen lydende vorme. Ons kan sê *Ek word geslaan, gesien, en gehoor*, maar nie *Ek word gegaan* of *gekom* nie. Die onderskeid is dit: Wanneer 'n woord in die bedrywende vorm 'n direkte voorwerp ná hom kan neem, d.w.s. dat die handeling direk van die onderwerp na 'n voorwerp kan oorgaan, soos *Ek slaan die hond*, dan kan dit 'n lydende vorm kry. Sulke werkwoorde noem ons *oorganklik*. Die w.w. wat nie direkte voorwerpe het nie, is *onoorganklike* w.w. Onoorganklike w.w. soos *kom, gaan*, ens., het dus nooit 'n lydende vorm nie, behalwe in 'n onpersoonlike gebruik, soos *Dit word gekom; dit word gegaan*; ens.

Om die lydende vorm te vorm neem ons net die verl. deelw. van die werkwoord en vervoeg dit met *word*. Die deelwoord bly natuurlik onveranderd, en dit is net die w.w. *word* wat vervoeg word.

Lydende Vorm, of Passief van slaan.

Teenw. tyd :

Ek word geslaan, *ens.*

Jy word geslaan, *ens.*

Verl. tyd :

Ek is geslaan, *ens.* (of Ek werd geslaan.)

Jy is geslaan, *ens.* (of Jy werd geslaan.)

Toek. tyd :

Ek sal geslaan word, *ens.*

Jy sal geslaan word, *ens.*

Volm. verl. tyd :

Ek was geslaan (geword).

Jy was geslaan (geword).

Volm. toek. tyd :

Ek sal geslaan (geword) het.

Jy sal geslaan (geword) het.

N.B.—Let op dat die volm. verlede *was* neem en nie *word* nie. Ons gebruik die vorm *is geslaan* (*geword*) veel meer dan *werd geslaan*. *Geword* het natuurlik ná *is* en *was* weggeval.

Ek slaan en *Ek word geslaan* het altwee net dieselfde betekenis—net die een is bedrywende en die ander lydende vorm. 'n Mens kan dus enige oorganklike w.w. van die bedrywende oor in die lydende vorm sit sonder om die betekenis te verander. Neem die sin *Die man slaan die hond*. Om dit oor te sit in die passief, moet ons die direkte voorwerp, nl. *die hond*, die onderwerp van die nuwe sin maak; van die w.w. *slaan* neem ons nou die verlede deelw. *geslaan*; en daar *slaan*

teenw. tyd is, moet ons die teenw. van *word* neem—dus *word geslaan*. Die *man* of onderwerp van die eerste sin word in die lydende vorm die persoon of iets wat die behandeling verrig, en staan ná die woordjie *deur*. Dus *Die hond word deur die man geslaan*, ens. *Die man het die hond geslaan* oorgesit word *Die hond is* (verlede) *deur die man geslaan*, of *Die hond werd deur die man geslaan*.

As daar in die bedrywende vorm geen direkte voorwerp is nie, is dit tog moontlik om dit in die lydende vorm oor te sit, mits dit 'n oorganklike w.w. is. In sulke gevalle word *daar* die nuwe onderwerp; of ons omskryf die sin heeltemal, b.v. *Meisies praat te veel* (bedrywende vorm), *Daar word te veel deur meisies gepraat* (lydende vorm), of *Te veel word deur*, ens.

In bysinne word die betreklike voornaamwoord *wat* as onderwerp in die bedrywende vorm gebruik. In die lydende vorm word die betreklike y.n.w. vervang deur (a) *deur wie*, vir persone, en (b) *waardeur*, of *waarmee*, vir dinge of diere.

Voorbeelde—(a) :—

Bedrywende vorm :

Dit is die man *wat* my gesien het.

Lydende vorm :

Dit is die man *deur wie* ek gesien is (werd).

Voorbeelde—(b) :—

Bedrywende vorm :

Dit is die stok *wat* my seergemaak het.

Lydende vorm :

Dit is die stok *waardeur* (*waarmee*) ek seergemaak is (werd).

ONPERSOONLIKE WERKWOORDE.

Daar is werkwoorde wat alleen in die 3de persoon enkelvoud kan gebruik word, en sulke w.w. noem ons *onpersoonlike werkwoorde*. Hierdie soort w.w. beskrywe gewoonlik een of ander werking van die *weer* en kan dus nie die handeling van een of ander persoon, soos *ek, hy, sy*, weergee nie, maar kan alleniik onpersoonlik ná *dit* gebruik word. Enige onpersoonlike w.w. is *hael, donder, blits, reën, sneeu, kapok*, ens.

Vervoeging van Onpersoonlike Werkwoorde.

Teenw. tyd enkelv.: Dit blits.

Verl. tyd: Dit het geblits.

Toek. tyd: Dit sal blits.

Volm. verl. tyd: Dit had geblits.

N.B.—Hierdie w.w. het geen meervoud nie. Die onpersoonlike w.w. *reën* het twee vorme, nl. *reën* of *reent*; *het gereën* of *gereent*; *sal reën* of *reent*.

Behalwe die werkwoorde wat een of ander werking van die *weer* uitdruk, soos *Dit reën(t), sneeu*, ens., is daar nog 'n paar ander, soos *Dit spyt my*, of *hom*, of *hulle*; *Dit beval my*; *Dit geluk my*; *Dit staan my vry*; *Dit behaag my*; *Dit (t)raak my nie*.

N.B.—Die onderwerp van sulke werkwoorde is altyd *dit*, b.v. *Hoe gaan dit? Dit gaan nog goed. Dit skeel my nie*. In hierdie gevalle word *gaan* onpersoonlik gebruik.

TERUGKERENDE WERKWOORDE.

'n Terugkerende werkwoord is een waarvan die voorwerp en die onderwerp *dieselfde* persoon is.

Die handeling gaan van die onderwerp na die voorwerp oor, b.v. *Ons was ons;*

Daar is twee soorte terugkerende werkwoorde : --

(a) *Noodsaaklike terugkerende w.w.*, waar die onderwerp en voorwerp altyd dieselfde persoon moet wees, b.v. *Ek skaam my; Hulle verspreek hulle.*

(b) *Toevallig terugkerende w.w.*, waar die voorwerp ook 'n ander persoon dan die onderwerp kan wees, b.v. (i) *Ek was my; (ii) Ek was my kind.*

In (i) is dit maar toevallig dat in dié sin die werkwoord terugkerend is.

Vervoeging.

Tecnw. tyd.

Ek verbeel my
Jy verbeel jou
Hy verbeel hom (*of sig*)
Ons verbeel ons
Julle verbeel julle
Hulle verbeel hulle

Veriede tyd.

Ek het my verbeel
Jy het jou verbeel
Hy het hom (*sig*) verbeel
Ons het ons verbeel, *ens.*

Toek. tyd.

Ek sal my verbeel
Jy sal jou verbeel
Hy sal hom (*sig*) verbeel

Volm. verl. tyd.

Ek had my verbeel
Jy had jou verbeel, *ens.*

Die voornaamwoord *sig* word dikwels gebruik, maar veral in die skryftaal en in gevalle soos *by sigself* en *in sigself*.

Enkele Terugkerende Werkwoorde.

Ek beroem, verspreek, skaam, ontferm, erger, vestig, haas(t), begeef, bedink, wend, herinner, verbaas, verskrik, gedra, misgis, beroep, gevoel, voel of voer my. Ook Ek maak my klaar; Ek berei my voor.

HOOFSTUK XXIV

WERKWOORD (vervolg).

SAMEGESTELDE WERKWOORDE.

1.—Samegestelde werkwoorde is w.w. wat, soos hulle naam aandui, samegestel is uit twee woorde, een waarvan altyd 'n werkwoord moet wees. Die werkwoord is altyd die tweede woord, b.v. :—

Deurloop kom van *deur* + *loop*.

Uitgaan kom van *uit* + *gaan*.

Gelukwens kom van *geluk* + *wens*.

2.—Samegestelde werkwoorde is (a) *skeidbaar* of (b) *onskeidbaar*. Hulle is altyd *onskeidbaar* wanneer hulle die oorspronklike betekenis van die eerste deel verloor het, en dan kry hulle die aksent op die tweede deel. Skeidbaar samegestelde w.w. behou altyd die oorspronklike betekenis van die woorde waaruit hul samegestel is, en het die aksent op die eerste deel, b.v. in *volskenk* het *vol* nie dieselfde betekenis as in *voldoen* nie; so ook met *misskiet* en *mishaag*.

3.—Die dele van 'n skeidbaar samegestelde w.w. is nie altoos geskei nie. Soms staan die dele van mekaar, en soms nie, b.v. *neerlê*.

- (a) Die man *lê* die boek op die tafel *neer*.
- (b) Gee hom dit as hy die boek op die tafel *neerlê*.
- (c) *Lê* die boek dadelik op die tafel *neer*, hoor!
- (d) Ek sal die boek op die tafel *neerlê*.
- (e) Hy het die boek op die tafel *neergelê*.
- (f) Die boek *neerlêende* loop hy die kamer uit.

In (a), (c) en (e) is die dele van die w.w. geskei; maar in (b), (d) en (f) nie.

Geskei.

Nie geskei nie.

- | | |
|------------------------|-------------------------|
| (i) Hoofsin (a) | (i) Bysin (b) |
| (ii) Geb. wys (c) | (ii) Onbep. wys (d) |
| (iii) Verl. deelw. (e) | (iii) Teenw. deelw. (f) |

N.B.—In die onbepaalde wys word die w.w. soms wel geskei, en wel as hy met *om te* gebruik word, b.v. *Hy het na die kamer gegaan om die boek op die tafel neer te lê.*

4.—Die volgende samegestelde w.w. is skeidbaar, d.w.s. almal wat die klem op die *eerste* deel het:—

(a) Selfstandige naamwoord + w.w., b.v. *ag-slaan, gelukwens, skoolgaan.*

(b) Byvoeglike naamwoord + w.w., b.v. *vry-laat, liefhê, losmaak.*

L.W.—As die w.w. egter met *vol-* samegestel is, en *vol* het sy oorspronklike betekenis verloor, dan is hulle onskiedbaar, b.v. *volgooi, volskenk*; maar *voldoen, volbring, volhard.*

(c) Bywoord + w.w., mits die bywoord nie ook as 'n voorsetsel kan gebruik word nie, b.v. *toe-maak, neerlê, na-aap.*

L.W.—As die w.w. egter met *mis-* of *weer-* samegestel is, en die woorde het hul oorspronklike betekenis verloor, val die aksent op die w.w.; en hulle is dus onskiedbaar, b.v. *misskiet, misgooi,*

weerkom; maar *mishaag*, *misdoen*, *misprys*, *mislei*, *mishandel*, *misken*, *misluk*, *weerklink* *weerkaats*, *weergalm*, *weerstaan*.

(d) Voorsetsel + w.w. as hulle hul oorspronklike betekenis behou. Hier het ons baie w.w. wat onskeidbaar is, en dit is moeilik om 'n reël ander as ho-gegeewe een hier neer te lê. Deur oefen sal enigeen dit regkry om die aksent op die regte deel te plaas, en dan sal daar geen verder moeilikheid wees nie, behalwe in geval van w.w. wat twee betekenisse het namate die klem op die voorste of agterste deel val. 'n Lys van sulke w.w. sal later gegee word.

Die voorsetsels wat ons gewoonlik in samegestelde w.w. aantref, is *om*, *oor*, *deur*, *onder*, *voor*, *aan*.

Om + w.w., meeste skeidbaar, behalwe *omhels*, *omsingel*, *omgord*, *omgee(f)*.

Oor + w.w. O.a. is die volgende onskeidbaar: *oorreed*, *oortreed*, *oornag*, *oorwinter*, *oorslaap*, *oorval*, *oordink*. (Verder, sien par. 5.)

Deur + w.w., meeste skeidbaar, behalwe *deurkruis*. (Verder, sien par. 5.)

Onder + w.w. Die volgende is onskeidbaar: *onderteken* (tog *Ek*, *ondergetekende*, *verklaar*, ens.), *onderwerp*, *ondersoek*, *ondermyn*, *ondernem*, *ondervraag*. (Verder, sien par. 5.)

Voor + w.w., b.v. *voorsien*. (Verder, sien par. 5.)

Aan + w.w., meeste skeidbaar, behalwe *aanvaar*.

L.W.—*Agter* + w.w., b.v. *agterhaal* en *agtervolg* (onskeidbaar); *agterlaat* (skeidbaar).

5.—Hieronder volg 'n lys samegestelde w.w. wat met verskil van klem ook 'n verskil van betekenis het:—

Deurreis: Hy het twee weke aaneen deurgereis.

Deurreis: Die smous het die hele Natal deurreis.

Ondergaan: Die son gaan in die weste onder.

Ondergaan: Die sieke het 'n operasie ondergaan.

Onderhou: Twee seuns stoei, en die een hou die ander onder.

Onderhou: Die seun onderhou sy arm moeder.

Oordryf: Die onweer het eindelijk oorgedryf.

Oordryf: Piet oordryf erg as hy stories vertel.

Oorlaai: Die wa het bly staan, toe laai die Kaffers al die hout oor op die ander wa.

Oorlaai: Die wa was oorlaai en het dus gebreek toe dit oor die klipbank gaan.

Oorlê: Hulle het by die rivier oorgelê.

Oorlê: Hulle het die planne oorlê.

Oorweeg: Weeg asseblief die suiker oor.

Oorweeg: Die Parlement oorweeg die nuwe wet.

Oorwerk: Die timmerman het 3 uur oorgewerk.

Oorwerk: Die vlytige leerling het hom oorwerk.

Voorkom: Toe ek aan die deur klop, kom sy voor.

Voorkom: Die ongeluk was net betyds voorkom.

Voorspel: Die meester spel 'n woord aan ons voor.

Voorspel: Die wolk op die berg voorspel wind.

Voorsê: Een leerling sê die ander een voor.

Voorsê: Die profeet het die droogte voorsê.

L.W.—In die skeidbaar samegestelde w.w. as die voorsetsel voor 'n selfst. naamw. staan, dan is dit strik gesproke geen samegestelde w.w. nie, want die voorsetsel behoort dan by die selfst. naamw. en nie by die w.w. nie, b.v. :—

(a) Hy hou hom *onder* die water.

(b) Hy hou sy toorn *onder*.

(c) Hy loop onder die stok *deur*.

(d) Hy loop *deur* die stad.

In (a) en (d) bepaal die voorsetsels die selfst. naamw.; maar dit is nie die geval in (b) en (c) nie, waar die w.w. *onderhou* en *deurloop* suiwer skeidbaar samegestelde w.w. is.

AFGELEIDE WERKWOORDE.

In Afrikaans het ons 'n aantal afgeleide werkwoorde, d.w.s. hulle is nie van ander woorde samegestel nie, maar is afgelei van selfst. naamw. Hulle verlede deelw. volg die gewone reël om *ge-* voor aan die stam te las, b.v. :—

Antwoord: Die seun het goed *geantwoord*.

Dagvaar: Die moordenaar is *gedagvaar*.

Flikflooi: Die kind het by my kom *flikflooi*.

Glimlag: Sy het die hele tyd *geglimlag*.

Handhaaf: Die boere het hulle roem *gehandhaaf*.

Hardloop: Die perd het *weggehardloop*.

Kniehalter : Pa het die perd *gekniehalter*.

Minag : Hulle het ons raad *geminag*.

Openbaar : Hy het ons al sy geheime *geopenbaar*.

Verwelkom : Ons het hom in ons midde verwelkom.

Waarborg : Die man het die horlosie *gewaarborg*.

Waarsku : Die magistraat het hom *gewaarsku*.

Wanhoop : Die sieke het al aan sy lewe *gewanhoop*.

Wantrou : Ons het die smous *gewantrou*.

Wedywer : Hulle het vir die prys *gewedywer*.

Seëpraal : Die sterke mag het oor die swakke *geseëpraal*.

Seëvier : Die goede het oor die kwade *geseëvier*.

N.B.—*Gekskeer* word eienaardig gebruik, b.v. *Die seuns skeer lelik met hom die gek*, of *Hulle het met hom die gek geskeer*.

Verwelkom neem geen *ge-* in die verl. deelw. nie, omdat dit alreeds met 'n voorvoegsel begin.

HOOFSTUK XXV.

DIE BYWOORD.

Bywoorde word gebruik om (a) werkwoord, (b) byvoeglike naamwoorde, en (c) ander bywoorde te bepaal, b.v. :—

- (a) Hy skryf *mooi* (bepaal 'n w.w.)
- (b) Hy is *baie* sterk (bepaal 'n byv. n.w.)
- (c) Hy skryf *baie* mooi (bepaal 'n ander byw.)

Hieronder volg van die vernaamste soorte bywoorde met voorbeeld van elke soort :—

A.—*Bywoord van tyd*, b.v. *eers, gister, vandag, môre, soms*, en nog baie ander wat tyd aandui.

B.—*Bywoorde van plaas* dui aan die plek waar die handeling plaasvind, b.v. *agter, voor, êrens, nêrens, naby, ver*, en nog veel meer.

C.—*Bywoorde van wyse* sê hoe 'n handeling plaasvind, b.v. *lekker, heerlik, lieflik, mooi*, ens.

L.W.—Dikwels kry ons die teenwoordige deelw. wat deur reduplikasie gevorm word, as bywoord van wyse, b.v. *Hy loop sing-sing deur die strate*.

Die reduplikasie kan wees van :—

- (a) Twee w.w., b.v. *loop-loop, dans-dans*.
- (b) Twee byv. n.w., b.v. *kort-kort, blou-blou*.
- (c) Twee byw., b.v. *gou-gou, nou-nou*.

Bostaande reduplikasies is nie almal bywoorde van wyse nie; party is bywoorde van tyd.

D.—*Bywoord van hoeveelheid (of graad)* dui aan die graad van die handeling, b.v. *byna, amper, minstens, veels.*

E.—*Bywoorde vān vergelyking* word net soos byvoeglike naamwoorde vergelyk.

Die lidwoord *die* word so dikwels in die oortreffende trap gebruik dat ons byna kan sê dit is deel daarvan, b.v. *Hy skryf die beste; Hy eet die meeste.*

<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
agter	verder agter	agterste
baie, veel	meer	meeste
erg	erger	ergste
dikwels	meer(male)	meeste
graag, gaarne	liewer(s)	liefs, liewerste, graagste
'gou	gouer	gouste
selde	minder	minste
seer, heel, hoog	—	uiters, hoogs
vroeg	eerder	eerste
voor	verder voor	voorste
weinig	minder	minste
wel, goed	beter	beste

F.—*Bywoord van orde* sê ons die orde waarop iets geskied, b.v. *eers, daarna, ten tweede, verder, ens.*

G.—*Vraende bywoorde* stel vrae, b.v. *waarom?, hoe?, hoekom?, wanneer?, ens.*

H.—(a) *Bewestigende byw.*, b.v. *absoluut, ja, stellig.*

(b) *Ontkennende byw.*, b.v. *nie, glad nie, nooit.*

(c) *Byw. van twyfel*, b.v. *altemit, waarskynlik.*

DIE EEN EN ANDER OOR DIE GEBRUIK VAN ENIGE BYWOORDE.

(a) *Mos, tog, dan, maar, darem* word in Afrikaans as stopwoorde gebruik, en dit val baie moeilik vir 'n vreemdeling om hulle reg te gebruik. Hul gebruik hang grotendeels van taalgevoel af. Die spreker moet 'n egte taalgevoel vir Afrikaans besit om hulle korrek te besig. Dit gaan moeilik om reëls vir hul gebruik neer te lê, want dis feitlik onmoontlik.

Let op die gebruik van die stopwoordjies in o.s. sinnetjies :—

(a) Jy is tog nou 'n man.

(b) Jy is mos tog nou 'n man.

(c) Jy is mos tog darem nou 'n man.

(d) Jy is mos dan tog darem nou 'n man.

Opm. (i).—Dikwels het die woordjie *mos* 'n verwtende betekenis, b.v. *Ja, jy wou mos duik; dit het jy nou daarvan.*

Opm. (ii).—Soms as *mos* in 'n sin voorkom, lê daar 'n rede of oorsaak in opgesluit, gewoonlik 'n rede waarom iets nie gedoen was nie; en nou het ons die gevolg daarvan, b.v. *Meneer het mos gesê ek moet die som so maak.*

Opm. (iii).—In Afrikaans gebruik ons *mos*: waar die Hollander *immers* sou gebruik, b.v. *Hy is mos van dieselfde opienie as ek*.

Opm. (iv).—Dikwels gebruik ons *tog* of 'n *bietjie* of albei as ons iets op 'n mooi manier wil vra. Dan het dit feitlik die betekenis van „asseblief,” b.v. *Gee tog vir my ook 'n appel, man; Toe tog, ou kêrel; Gee tog 'n bietjie my hoed aan*.

Tog en *asseblief* kom dikwels in dieselfde sin voor, b.v. *Skryf tog asseblief gou aan my*.

Opm. (v).—*Darem* het ook nog 'n ander definitiewe betekenis in Afrikaans, nl. *nieteenstaande*, b.v. *Ek wou dit eers nie doen nie, maar ek sal dit darem vir jou doen*.

(b) *As, toe, wanneer* (Engels „when”).

Wanneer word altyd gebruik (a) as 'n *vraende bywoord*, b.v. *Wanneer sal jy kom?; Wanneer het jy gekom?; Wanneer sou hy gaan?* (b) *Gewone byw. van tyd*, b.v. *Wanneer hy dit klaar het, sal hy kom*.

Toe word alleen in die verlede tyd gebruik, b.v. *Toe ek daar was . . .*

As word in die teenwoordige of toekomstige tye gebruik, b.v. *As ek daar kom, moet die werk klaar wees*.

Opm. (i).—*Toe* word met die teenwoordige tyd gebruik in verhaaltrant om 'n handeling van die verlede te verhaal, b.v. *Toe ek daar kom, sien ek, ens*.

Opm. (ii).--*Toe* kan ook gebruik word as 'n koppelwoord, tussèn twee newensgeskikte hoofsinne, b.v. *Hy was nie tuis nie; en toe het ek maar weer teruggekóm.*

Opm. (iii).--*As* is nie alleen 'n bywoord van tyd nie, maar ook ván voorwaarde, b.v. *As ek kom sien, sal ek hom sê* (voorwaarde); *As ek daar kom, moet hy weg wees* (tyd).

(c) *Mee* is 'n bywoord, en *met* is 'n voorsetsel. As die voorsetsel *met* met 'n voornaamwoord gebruik word, verander dit in *mee*, b.v. *met + wat* word *waarmee*. *Met + dit* word *hiermee*. *Dit is 'n stok waarmee hy die hond geslaan het.* . *Waarmee* is 'n voornaamwoordelike bywoord.

(d) *Voor* is die bywoord, en *vir* is die voorsetsel. As dié voorsetsel met 'n voornaamwoord gebruik word, verander dit in *voor*, b.v. *vir + wat* word *waarvoor*; *vir + hierdie* word *hiervoor*. *Jy moet hiervoor sorg.* *Hiervoor* is 'n voornaamwoordelike byw.

HOOFSTUK XXVI.

VOORSETSELS.

1.—Voorsetsels word gebruik met selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde in die akkusatief. Hulle druk 'n betrekking uit tussen :—

- (i) Twee naamwoorde, b.v. *Die aap op die paal.*
- (ii) *Werkw. en naamw., b.v. Hy gaan na huis.*

Ons het verskillende soorte voorsetsels :—

(a) Van *plaas*, b.v. *langers, langs, by, aan, na (naar), rondom, onder.*

(b) Van *tyd*, b.v. *nā, om, sedert, tydens, gedurende, omstreeks.*

(c) Van *iets anders*, b.v. *sonder, weens; namens, nieteenstaande, behalwe.*

2.—In Afrikaans het ons sekere werkwoorde wat met sekere bepaalde voorsetsels gebruik word. Hieronder volg 'n lys sinne waarin sulke werkwoorde met hul voorsetsels gebruik word, asook ander uitdrukkinge waarin 'n bepaalde voorsetsel voor 'n selfst. n.w., of waarin 'n bywoord gebruik word :—

Aan :—

Ek ken die boom aan sy vrugte; Hy skryf 'n brief aan sy moeder; Dink aan my; Die siek man wanhoop aan sy lewe; Hy ly aan tandpyn; Ek herken hom aan sy stem; Hy sit

aan tafel (vgl. aan die tafel en by die tafel); Hy adresseer die brief aan my suster; Waaraan skeel dit?; Die meid maak die kamer aan- kant; Hy ly gebrek aan gesonde kos; Hy kla sy nood aan sy pa; Natal grens aan Basoetoe- land; Hy sit dit aan die gang (vgl. in die gang); Hy onderwerp hom aan die meerder- heid; Dit behoort aan my (besitting); Hulle loop hand aan hand.

Bo :—

Ek verkies melk bo water; Hy moet dit nog boonop doen; Dis bo my vuurmaakplek.

By :—

Hy het dit by toeval reggekry; Hy bepaal hom by sy werk; Ek was ook daar by (met) dié geleentheid; Hy is boer by uitnemend- heid; Ek dank u by voorbaat; Die boek behoort by daardie (groep).

In :—

Hy oortref my in kennis; Hulle woon in die stad (Durban); Die trein sal in Pietermaritz- burg om 5-uur aankom; Hy neem deel in (aan) die spel.

Met :—

Ek het medelye met die siek man; Hy het dit met opset (ekspres) gedoen; Moenie met die ou man spot nie; Stuur die pakkie met (deur) die pos; Ons was daar met ons twee- tjies; Hy verdra alles met geduld; Met ver- loop van tyd sal alles regkom; Hy het my bygestaan met raad.

Onder :—

Onder die regering van koning . . . ; Onder die preek het die seuns gesels ; Onder ons gesê, hy is 'n leuenaar ; Hy hou sy geld in 'n kis onder slot ; Die saak is nog onder bespreking ; Hulle gesels nog onder mekaar.

Om :—

Om drie-uur gaan ek huis-toe ; Hy vra (bedel, soebat) om geld ; Hulle doen dit om beurte ; Al om die ander dag kry ons 'n koerant ; Dit is my om 't ewe.

Op :—

Die trein is op tyd ; Hulle skiet (lê aan) op (na) die voël ; Hoop op die toekoms ; Let op wat ek sê ; Hy is jaloers op my ; Almal op twee na het omgekom ; Ons was op skool (straat, kantoor) ; Hy lyk op sy pa ; Dit sal daar nie op aankom nie ; Hy teer op sy kragte ; Pas die skape op ; Jy moet dit nog boonop doen ; Hy doen dit op sy gemak ; Ek reken (maak staat) op hom om dit te doen ; Vertrou op God ; Hy kry nog 'n pak op die koop toe ; Hulle wag op (vir) die meisies ; Die perd staan op stal ; Later was hulle goed op koers ; Die venster is op skuif en die deur op slot ; Hulle woon op (in) die dorp ; Hulle het hom op loop gesit ; Sy onthaal ons op tee en koek ; My mes is op soek ; Ek verlaat my op jou ; Hy doen dit op sy beurt ; Hy is verlief op die meisie ; Ek kry presente op my verjaarsdag ; Ek slaan ag op sy woorde.

Oor :—

Ontferm u oor my; Ek is verbaas (verheug, verwonderd) oor sy gedrag; Oor die geheel (algemeen) is dit nie sleg nie; Ek bekommer my oor my siekte; Ek raadpleeg die dokter oor my gesondheid; Waaroor dink jy?; Ons kla oor die duur tye (vgl. kla aan); Oor 'n uur sal dit reën; Hy sien dit oor die hoof.

Per :—

Hy is per ongeluk doodgeskiet; Ons gaan per trein (fiets, boot, motor) Durban-toe; Per slot van rekening is hy die slegste af; Hy het my my per brief laat weet; Per abuis het hy my hoed geneem; Antwoord my per terugkerende pos asb.

Te, ten, ter :—

Hy ry elke môre te perd skool-toe; Hy loop te voet; Die huis is te koop; Hy doen dit ten koste van sy lewe; Hulle vertoef ten huise van mevr. X; Ons moes ten duurste betaal; Ek stem ten gunste van die inleier; Hulle bring die onderwerp ter sprake (bespreking); Hy doen dit ter wille van sy gesondheid; Hy neem die berisping ter harte; Ek moet jou dit ter ere nagee.

N.B.—Die bo-aangegewe vorme met *ten* en *ter* is almal geëkte terme van Nederlands afkomstig.

Teen, teenoor :—

Hy versit hom teen die oormag; Ons was daar teen sonder; Hy durf nie soiets teen hom sê nie; Hy sit teenoor my aan tafel; Hy was baie goed teenoor ons; Hulle ja resies teen mekaar.

Tot :—

Ons moet wag tot môre; 'Tot siens; Ek moes gaan tot my verdriet; Hulle het dit tot stand gebring; Hy het aangehou tot vervelens toe.

Tussen :—

Hy sit tussen ons; Tussen (onder) ons gesê, hy is 'n leuenaar.

Uit :—

Ons kos bestaan uit brood; Uit pure afguns het hy die boeke verbrand; Dit spyt my, maar hy is op die oomblik uit; Hy sit hom die deur uit; Hy doen dit uit medelye; Uit (van) die staanspoor het ons aangeval; Hy trek voordeel uit my ongeluk.

Van :—

Hulle is omring van vyande; Hy is goed voorsien van kos; Hy beef van skrik; Die leeu leef van (op) vleis; Dit hang alles van die weer af; Ek leen geld van hom (vgl. leen aan); Dis die hoed van pa; Van Maandag af is dit al koud; Ek hou baie van appels; Hy het die slang vankant gemaak (vgl. aankant gemaak); Hy was afkeurig van ons besoek; Wat dink jy van die man? (vgl. dink aan, dink oor en dink van); Hulle verskil van opienie.

Vir :—

Dit is vir my; Vir twee jaar was hy weg; Hy is vir jou sterk; Vir my is dit glad nie snaaks nie; Hy sê vir ons . . . ; Gee vir my.

*daardie boek; Die hond het vir my gebyt;
Pas op vir sakkerollers; Ek is teë vir lekkers;
Ons gaan Kaap-toe vir (met) die vakansie.*

Die voorsetsel *vir* word verbasend veel in Afrikaans gebruik. In *Gee vir my daardie boek* word *vir* gebruik met die indirekte voorwerp, maar in *Die hond het vir my gebyt* met die direkte voorwerp.

LET WEL.—In die begin van 1920 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns aangeneem dat daar voortaan alleen die woordjie *na* erken sal word i.p.v. *na* en *naar*, soos in die Nederlandse taal. 'n Jaar later egter het hulle die besluit herroep; dus kan voortaan weer die verskil tussen dié twee woordjies gehandhaaf word, b.v. :—

Na :—

- (a) *Na hy daar was, het hy . . .* (hyw. van tyd).
- (b) *Hy kom na my in die kamer.*
- (c) *Almal op twee na.* [In (b) en (c) voors. van tyd.]

Naar :—

*Kyk naar die bord.
Loop naar die maan!
Stuur (send) hom naar die dokter toe.
Jy kan nou eet naar hartelus.*

N.B.—Die vorm *na* word aanbeveel. Ons sê tog nooit *naar* nie.
Na toe.

Die reduplikasie *na toe* word in Afrikaans dikwels gebruik as daar 'n beweging van die een na die ander plek is, b.v. *Loop gou na die mark toe; Jy moet vandag na die kerk toe kom.*

Na word dikwels uitgelaat en net *toe* word gebruik, b.v. *Loop skool-toe*; maar *na* kan nooit weggelaat word met pers. of vraende voornaamwoorde nie, b.v. *Kom na my toe*; nie *Kom my toe* nie. *Na wie gaan jy?*

HOOFSTUK XXVII.

DIE VOEGWOORD.

1.—Ons het in Afrikaans twee hoofsoorte voegwoorde, nl. (a) newenskikkend en (b) onderskikkend. Elke hoofklas word weer onderling verdeel.

A.—Newenskikkende voegwoorde.

(a) *Aaneenskakelend*, b.v. *en, sowel as, ook, beide . . . en, ten eerste, ten tweede, ten derde, ens.*

(i) Jan is siek, en Piet is gesond.

(ii) Jan (was daar) sowel as Piet was daar.

(iii) Beide Jan (was daar) en Piet was daar.

(b) *Teenstellend*, b.v. *maar, dog, egter, òf, òf . . . of, nòg . . . nòg, tog.*

(i) Hy studeer veel, maar leer min.

(ii) Jy moet òf meer leer òf jou eksamen druij. (*Voluit Jy moet meer leer, of jy sal jou, ens.*)

(iii) Nòg Jan nòg Piet ken sy werk.

(c) *Oorsaaklik*. Die eerste sin gee die oorsaak, die rede of die grond; en die tweede die gevolg, die daad of die gevolgtrekking van die eerste, b.v. *want, daarom, dus, daardeur, derhalwe, gevolglik.*

Die w.w. volg onmiddellik ná dié voegwoorde, wat feitlik bywoorde is. (Uits. *want.*)

- (i) Hy is altyd siek (rede); daarom is hy hulpeloos.
- (ii) Hy gebruik sulke vuil taal (oorsaak), en daardeur het hy my vriendskap verbeur (gevolg).
- (iii) Hy het al om 3-uur vertrek (grond), en dus kon jy hom nie om 4-uur gesien het nie (gevolgtrekking).

B.—L.W. Die verband tussen newensgeskikte sinne blyk nie bloot uit die vorm nie en word ook nie aangedui deur die voegwoordjies nie, wat maar slegs hulpmiddeltjies is. Die gesonde verstand alleen moet beslis in watter verband die dele tot mekaar staan.

Twee sinne is in newensgeskikte betrekking tot mekaar as hulle van gelyke waarde of rang is; maar as die tweede deel van die volsin 'n bepaling van die eerste is, of 'n deel daarvan uitmaak, het ons 'n *ondergeskikte sinsverband*: Die ondergeskikte sin heet *bysin*.

Daarom is dit dat Klas C van die newenskik-kende voegwoorde wel as newensklikkend en nie as onderskikkend beskou word nie, wat wel die neiging is by sommige onderwysers.

Ons kan as 'n reël aanneem dat die w.w. van 'n bysin altyd aan die end van die sin kan kom (behalwe in geval van bysinne wat met *al* begin,

b.v. *Al is hy slim, hy kan tog druip.* As die w.w. dus nie aan die end kan kom nie, het ons 'n newensgeskikte hoofsin. Voorbeelde:—

(i) Hy kan kom, *want sy werk is klaar* (hoofsin).

(ii) Hy mag nie gaan nie, *omdat sy werk nog nie klaar is nie* (bysin); of, *Omdat sy werk nog nie klaar is nie*, mag hy nie gaan nie. (N.B.—'n want-sin mag nooit die hoofsin voorafgaan nie; 'n omdat-sin wel.)

C.—Onderskikkende Voegwoorde.

(a) *Aanwysing*:—*dat, of.* Dié twee voegwoordjies word in die indirekte rede (*oratio obliqua*) gebruik, b.v. *Hy sê dat ek moet kom.*

Dat word dikwels weggelaat; dan neem die woorde van die bysin die volgorde aan van 'n hoofsin. *Hy sê dat hy oormôre sal kom; Hy sê hy sal oormôre kom.*

(b) *Doel*:—*sodat, dat,* b.v. *Hy werk nou hard, sodat hy vanaand kan uitgaan.*

(c) *Gevolg*:—*dat (so . . . dat),* b.v. *Hy is sô dom dat hy nie kan leer nie.*

(d) *Plaas*:—*waar, waarheen,* b.v. *Hy vra waar ek heen gaan.*

(e) *Rede, Oorsaak*:—*om, omdat, daar, aangesien, om rede dat,* b.v. *Hy is laaste in sy klas om rede dat hy nooit werk nie.* (Oor i.p.v. omdat is af te keur, b.v. *Hy doen dit oor hy ryk is.*)

(f) *Tyd*:—*voor, voordat, eer, eerdat, toe, na, nadat, so gou as, wanneer. e.a.. b.v. Ek sal kom so gou as hy terug is.*

(g) *Toegewing*:—*alhoewel, ofskoon, tog, nie-teenstaande, b.v. Ofskoon hy lui is, werk hy tog goed.*

(h) *Vergelyking*:—*nes, soos, as, dan, b.v. Dié kêrel is nes sy vader (is).*

(i) *Voorwaarde*:—*as, mits, tensy, in geval, b.v. As jy goed werk, sal jy beloon word. (Soos i.p.v. as is af te keur; b.v. Ek sal dit doen soos ek daar kom.)*

Die voorvoegsel *as* word dikwels weggelaat, maar dan begin die bysin met die werkwoord, b.v. *As jy dit doen, sal hy jou slaan; of Doen jy dit, sal hy jou slaan.*

L.W.—Die voegwoord *toe* kan as 'n onderskikkende en ook as 'n newenskikkende voegwoord gebruik word, b.v.:—

Toe hy daar kom, was ek al weg. (ondersk.)

Hy was tot hier en het toe omgedraai (newensk.)

HOOFSTUK XXVIII.

SINSONTLEDING.

DIE ENKELVOUDIGE SIN.

1.—Die enkelvoudige sin is een enkel gedagte wat in woorde uitgedruk is. So'n sin kan wees :—

- (a) 'n Verklaring, b.v. *Hy is siek.*
- (b) 'n Bevel, b.v. *Jy moet werk.*
- (c) 'n Vraag, b.v. *Wie is hy?*
- (d) 'n Wens, b.v. *Mag dit tog reën!*

2.—Daar elke enkelvoudige sin op sigself volmaak moet wees en alleen behoort te kan staan, is dit absoluut 'n onmisbare vereiste dat dit 'n bepaalde w.w. het. Hoe kan 'n gedagte in woorde uitgedruk op sigself volmaak wees as daar nie 'n sekere handeling plaasvind nie? B.v. :—

Jan is geen sin nie; maar sodra ons aan *Jan* 'n sekere handeling of werking toeskryf, kry ons 'n sin, b.v. *Jan sit; Jan loop.*

3.—Nie alleen is dit nodig dat elke sin 'n w.w. moet hê nie, maar dit moet ook 'n n.w. hê. Soms egter word die n.w. verswyg, soos in die gebiedende wys; maar tog is dit daar, b.v. *Hoop* beteken *Hoop* (*jy* of *julle*). Dit sou pure onsin wees om van 'n werking of handeling te spreek sonder om die handeling aan een of ander persoon of ding toe te skrywe.

4.—Die persoon wat die handeling verrig, is die *onderwerp*. Die handeling wat plaasvind, is die *gesegde*, b.v. *Jan sit*.

Jan : onderwerp.

sit : gesegde.

5.—Dis ook nog moontlik dat elke enkelvoudige sin ook nog ander dele bevat, b.v. :—

(a) *Jan lees* is 'n volsin, maar *Jan is* het nog iets by nodig om die sin vol te maak. Die gesegde is nie kompleet nie en die woord wat dit kompleet maak, is die *komplement*, b.v. *Jan is sterk*. *Sterk* is die komplement.

(b) In *Hy slaan Piet* gaan die handeling oor van een persoon na 'n ander. As dit die geval is, dan is die naamwoord waarop of op wie die handeling oorgegaan het, die direkte voorwerp, b.v. (i) *Ek eet koek*—*koek* direkte voorwerp; (ii) *Hy sien my*—*my* direkte voorwerp.

(c) In *Hy gee (vir) my 'n boek* is *my* die *indirekte voorwerp* of *belanghebbende voorwerp*, omdat *my* maar indirek in die handeling betrokke is; die direkte handeling gaan van *hy* na *boek*.

(d) In *Die goeie seun is siek* kom daar die woordjies *die goeie* voor, wat die begrip *seun* nouer omlyn. Sulke woorde of uitdrukkinge wat die onderwerp of voorwerp bepaal, heet *byvoeglike bepalinge*.

(e) Woorde of uitdrukkinge wat die gesegde bepaal, d.w.s. wat die werk van 'n bywoord doen

deur 'n w.w. te bepaal, heet *bywoordelike bepalinge*.

(f) Daar is verskillende soorte byw. bepalinge, b.v. :—

- (i) Van *doel* : Hy werk *om te lewe*.
- (ii) Van *gevolg* : *Tot sy spyt* het hy gedruip.
- (iii) Van *graad* : Hy is *baie* dom.
- (iv) Van *hoedanigheid* : Loop *suutjies*.
- (v) Van *middel* : Ek sny *met 'n mes*.
- (vi) Van *oorzaak* : Hy het *deur sy domheid* gesak.
- (vii) Van *plaas* : Staar *daar*.
- (viii) Van *rede* : Ek verag hom *om sy leuens*.
- (ix) Van *tyd* : Kom *môreoggend*.
- (x) Van *wyse* : So sal jy dit regkry.

(g) Die woord of woorde wat gebruik word om 'n selfstandige naamw. te verduidelik, te sê *wie of wat* hy is, is die *bystelling*, wat ook wel 'n byv. bepaling is, b.v. (i) *My broer, Jan, is siek* (een woord); (ii) *My broer, die baas van die plaas, is siek* ('n woordgroep of sin).

6.—Skepm van die ontleding van 'n enkelvoudige sin.

My oorlede broer, Piet; het hom verlede jaar 'n pragtige leesboek gegee.

Onderwerp	Broer
Byv. bepaling van onderw.	(1) my (2) oorlede
Bystelling van onderwerp	Piet
Gesegde	het gegee
Byw. bepaling van tyd	verlede jaar
Voorwerp (direk)	boek
Byv. bep. van dir. voorw.	(1) 'n (2) pragtige
Voorwerp (indirek)	hom

Samegestelde Sin.

1.—In elke samegestelde sin moet daar minstens een hoof- en een bysin wees. As die sinne van ongelyke waarde is, dan is die sinsverband *onderskikkend*; maar as die waarde of rang van die sinne gelyk is, is die verband *nawenskikkend*. (Sien Voegwoorde, par, 3, bls. 155.)

As die verband onderskikkend is, is een sin die *hoofsin* en die ander die *bysin*. Die bysin is afhanklik van die hoofsin. ('n Bysin kan ons dadelik herken deurdat die w.w. aan die end kan kom.)

Ondergeskikte Sinne.

2.—In die onderskikkende sinsverband is daar drie soorte bysinne: (a) *selfstandige bysinne*; (b) *byvoeglike bysinne*; en (c) *bywoordelike bysinne*.

3.—Die *selfstandige bysin* :—

(a) Die *selfstandige bysin* doen die werk van 'n selfst. naamw. Dit is hoegenaamd nie moeilik om die selfstandige bysin te ontdek nie, want dit antwoord altyd op die vraag *Wat?* Die woordjie *iets* kan ook altyd in die plek van die selfst. bysin geplaas word, b.v. :—

Hy sê dat ek 'n skurk is.

Wat sê hy? *dat ek 'n skurk is.*

Of: *Hy sê iets (dat ek 'n skurk is.)*

Wat is die *iets* wat hy gesê het?—*dat ek 'n skurk is.*

Die selfst. bysin is dus *dat ek 'n skurk is.*

Onderwerp: *Hy*

Gesegde: *sê*

Voorwerp: *iets (dat ek 'n skurk is)*

Dus het ons nou :—

Hy sê : Hoofsin.

dat ek 'n skurk is : Selfst. bysin, ondergeskik of afhanklik. *Voorwerpsin*.

(b) Daar is vyf soorte selfst. bysinne :—

(i) *Dat hy 'n skurk is*, is waar.—Selfst. bysin, ondergeskik. *Onderwerpsin*.

(ii) Die feit *dat hy 'n skurk is*, is alombekend.—Selfst. bysin, ondergeskik, die *bystelling* van die onderwerp.

(iii) Ek sê *dat hy 'n skurk is*.—Selfst. bysin, ondergeskik. *Voorwerpsin*.

(iv) Ek vertel hom die feit *dat hy 'n skurk is*.—Selfst. bysin, ondergeskik, die *bystelling* van die *voorwerp*.

(v) Hy is nie *wat hy vroeër was nie*.—Selfst. bysin, ondergeskik. *Gesegdesin*. Hier maak die bysin 'n deel van die gesegde uit.

4.—*Byvoeglike bysin* :—

Die byvoeglike bysin doen die werk van 'n byvoeglike naamwoord, d.i. dit omlyn (of bepaal) 'n selfst. naamw., b.v. *Die boek wat ek jou gegee het; was nie myne nie*—byvoeglike bysin, bepalende *boek*.

5.—*Bywoordelike bysin* :—

(a) 'n Bywoordelike bysin doen die werk van 'n bywoord, m.a.w. dit is die bywoordelike bepaling. Net soos daar 'n byw. bep. van tyd was, is daar nou 'n byw. bysin van tyd, b.v. *Ek sal om 3-uur kom*, byw. bep.; *Ek sal kom as die klok 3 slaan*, byw. bysin van tyd.

Byw. bysinne bepaal die w.w. van die hoofsin.

6—*Verskillende soorte byw. bysinne* :—

- (i) Tyd :—*Ek sal kom as ek klaar is; Ek sal hier bly totdat die reën verby is.*
- (ii) Plek (plaas) :—*Hy staan nou waar ek gestaan het; Loop tot waar jy hom sal ontmoet.*
- (iii) Vergelyking :—*Hy is baie sterker dan (as) ek (sterk) is; Maak net asof jy niks weet nie.*
- (iv) Voorwaarde :—*As jy goed werk, kan jy gaan; Jy sal seker druip, tensy jy beter werk.*
- (v) Toegewing :—*Al is die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel; Ofskoon hy siek was, het hy gewerk.*
- (vi) Oorsaak of Rede :—*Daar jy dit gedoen het, kan jy nie gaan nie; Omdat hy 'n leuen vertel het, moet hy tuisbly.*
- (vii) Doel :—*Ons werk sodat ons ons kos kan verdien; Ons werk nou, dat ons later kan speel.*
- (viii) Graad :—*Hy is so dom dat hy nie sal deurmaak nie; Hy het so veel as hy kan gedoen.*
- (ix) Omstandigheid :—*Sonder dit te weet het hy die boek gevat.*
- (x) Verhouding :—*Hoe langer jy sit, hoe harder word die banke.*

7. -- *Newensgeskikte sinne* :--

Die newensgeskikte sinsverband is volledig bespreek in die hoofstuk oor voegwoorde. (Sien par. 3, bls. 155.)

8.--Voorbeeld van ontleding van 'n samegestelde sin :--

„Toe ek daar kom, het ek my broer wat op Grootvlei woon, gevra of hy die boek wat aan hom geleen was, al terugbesorg het.”

(a) :--

Onderwerp	Ek
Gesegde	het gevra
Voorw. (indirek)	broer
Byv. bep. van ind. voorw.	my
Byv. bep. van ind. voorw.	wat op Grootvlei woon
Voorw. (direk)	of hy die boek al terugbesorg het
Byv. bep.	wat aan hom geleen was
Byw. bep. van tyd	toe ek daar kom.

(b) Algeëne sinsontleding van dieselfde sin :--

A. Ek het my broer gevra	Hoofsin.
B. wat op Grootvlei woon	Byv. bys., ondergesk. Bepalende „broer” in A.
C. of hy al die boek terugbesorg het	Selfst. bys., ondergesk. Voorwerpsin.
D. toe ek daar kom	Byw. bys. van tyd, bepalende „het gevra” in A.
E. wat aan hom geleen was	Byv. bys., ondergesk. Bepalende „boek” in C.

HOOFSTUK XXIX.

WOORDVORMING.

Woordvorming geskied op tweërlei manier.
nl. :—

A. Deur afleiding van ander stamwoorde, wat kan geskied (a) *deur die stamklinker te verander*, (b) *deur voor- of agtervoegsels*.

B. Deur *samstelling* van twee woorde.

A.—AFGELEIDE WOORDE.

(a) Deur *verandering van stam- of wortelklinker*, b.v. :—

drink	word	drank, dronk
sluit	„	slot
lieg	„	leuen
bind	„	band, bond
wreek	„	wraak, wrok

(b) Deur *voor- of agtervoegsels*, b.v. :—

boom	word	boompie
gaan	„	vergaan
berg	„	gebergte
skuld	„	verontskuldig

(c) Deur *verandering van stamklinker + voor- of agtervoegsel*, b.v. :—

bind	word	verbond
lieg	„	leuenaar
drink	„	dronkaard

VOORVOEGSELS VAN SELST. NAAMW.

- aarts-* (eerste)—aartsengel, aartsvader.
- af-* (weg van, sonder)—afgrond, afguns, afgod, aftrek.
- ant-* (teen)—antwoord.
- baas-* (baie goed)—baasvegter, baasswemmer.
- ge-* (1) (versameling)—geraamte, gebergte.
 (2) (met)—genoot, gebroeders, gesel.
 (3) (resultaat van handeling)—geswel, gebou.
 (4) (herhaling van 'n handeling)—geloop, gepraat.
 (5) (werktuig)—geweer, gehoor, gesig.
- ko-* (saam)—ko-operasie, koëdukasie, komitee.
- kōl-, kōr-, kōm-* (versameling)—kollekte, korporasie, kommissie.
- mis-* (sleg)—misverstand, misbruik.
- on-* (1) (sleg)—onkruid, onding.
 (2) (teenoorgestelde van)—onshin, ongeloof.
- oer-* (oud)—oermense, oerwoud.
- oor-* (uit)—oorsaak, oorsprong.
- L.W.—Dit is nie die Ndl. *over* soos in *oorgang* nie.
- wan-* (sleg of geen)—wanorde, wanklank, wantrou.

VOORVOEGSELS VAN WERKWOORDE.

- be-* (1) (van alle kante)—besien, bekyk.
 (2) (by)—behoort, bereik, beroep.
 (3) (voorsien van)—beman, bevolk, bedek.
 (4) (oorganklike w.w. te vorm)—beklim, bery.
 (5) (brei die betekenis uit)—besaai, beplant.

- er-* (verkry deur)—erken, erlang.
- ge-* (1) (verl. deelw.)—geëet, geloop.
 (2) (sterker betekenis)—gevoel, gedink.
- her-* (weer)—herkou, herinner, herleef.
- mis-* (sleg)—misbruik, misdoen.
- ont-* (1) (aanvang, begin)—ontbrand, ontbyt, ontsteek.
 (2) (weg)—ontvlug, ontsnap.
 (3) (wegneem)—ontdek (die deksel wegneem), onthoof, ontdoen.
 (4) (weer)—onthou, ontvang, ontwaak.
 (5) (los)—ontvleg, ontbind.
- ver-* (1) (verander van)—vervel, verhuis
 (2) (teenstelling)—verag, verleer.
 (3) (bedek met)—vernikkel, vergu.
 (4) (maak)—vernuwe, vergroot.
 (5) ('n vernieling)—verpleffer, verbrysel.
 (6) (verkeerd)—verlei, vergis.
 (7) (weg)—verdobbel, verspeel, verstoot.
- vol-* (klaar)—volmaak, volbring, voldoen.
- wan-* (sleg)—wantrou, wanhoop.
- weer-* (terug)—weerklink, weerkaats.

VOORVOEGSELS VAN BYVOEGLIKE NAAMW.

- awe-* (nie)—awereg.
- be-* (voorsien van)—bemiddeld, bevolk.
- ge-* (voorsien van)—gespoord, gesteweld, gestand.
- on-* (nie)—ongelukkig, ontrou, onwaar.
- wan-* (sleg)—wanskape, wanhopig.

AGTERVOEGSELS VAN SELFST. NAAMW.

Manlike persoonsname.

- aar, -aard—bedelaar, luiaard.
- and, -end—vyand, vriend (ou teenw. deelwoord).
- er, -erd—bakker, slimmerd.
- eur, -or, -ier—inspekteur, eksaminator, bankier.

Vroulike persoonsname.

- e—presidente, orreliste.
- es—onderwyseres, prinses.
- in—heldin, koningin.
- ster—bakster, koopster.
- iese—outriese, eksaminatriese.

Persoonsname.

- us—polietikus, musikus.
- ling—tweeling, leerling.
- (m)ant—parmant, kalant.
- is—opportunis, realis.

Verkleinwoordsuitgange.

- etjie—dingetjie, lammetjie.
- pie, -tjie—boompie, lepeltjie.
- jie—hoedjie, houtjie.
- ie—kissie, pompie.
- kie—koninkie, oorwinninkie.

Name van werktuie.

- er, -el, -en, -em—stoffer, sleutel, deken, bloesem
- eel—toneel, paneel, penseel.
- aar—lessenaar, altaar.
- sel—deksel, stysel, gesel.

Versamelinge:

- skap, -heid—genootskap, minderheid.
- asie—plantasie, bagasie.
- y, -le—party, gebeente.
- dom—mensdom, heidefdom.

ABSTRAKTE EN ANDER SELFSTANDIGE NAAMW. AGTERVOEGSELS.

- heid (toestand)—gesondheid, tevredenheid.
- nis (toestand)—ontsteltenis, vergifnis.
- skap (toestand)—gevangenskap, dronkenskap.
- erny (toestand)—slawerny.
- dom (toestand)—ouderdom, rykdom.
- te (hoedanigheid)—diepte, lengte.
- sie (hoedanigheid)—perfeksie, kwalifikasie.
- heid (hoedanigheid)—waarheid, duidelikheid.
- ing ('n doen of handeling)—spoeling, ontkenning.
- ery ('n doen of handeling)—foppery, vryery.
- ery (herhaling van werking)—geloperly, geselsery.
- sel (resultaat van 'n handeling)—baksel, skepsel.
- ing (resultaat van 'n handeling)—tekening, skepping.
- nis (resultaat van 'n handeling)—geskiedenis, gebeurtenis.
- nis (plaas)—gevangenis, wildernis.
- ing (plaas)—woning, omgewing.
- y (plek)—bakkery, boerdery.
- isme (leerstelling)—Sosialisme, Mohammedanisme.

- isme (vreemde woorde)—anglisme, pragmatisme.
- dom (gebied)—heiligdom, priesterdom.
- skap (gevoel)—vriendskap, vyandskap.
- skap (waardigheid)—voorsitterskap, presidentskap.

AGTERVOEGSELS VAN BYVOEGLIKE NAAMW.

- agtig (1) (gelyk op)—reusagtig, houtagtig.
- (2) ('n bietjie)—koorsagtig, groenagtig.
- (3) (besittende)—vreesagtig, twyfelagtig.
- haftig (het hoedanigheid van)—manhaftig, heldhaftig.
- baar (1) (draende)—vrugbaar, dankbaar.
- (2) (geskik)—buigbaar, drinkbaar.
- erig ('n bietjie geneig)—praterig, vergeterig.
- ies (behorende tot)—Russies, Belgies.
- ies (volgens)—logies, teoreties.
- ig (hebbende)—magtig, harig.
- lik (1) (veroorzaak)—pynlik, skandelik.
- (2) (behorende tot)—koninklik, stedelik.
- (3) (geneig)—sieklik.
- (4) (kan doen)—aansteeklik.
- (5) (gelykende op)—meesterlik.
- (6) (hebbende)—gevaarlik, bo-natuurlik.
- loos (sonder)—kinderloos, reddeloos.
- saam (geneig)—leersaam, gehoorsaam.
- s (behorende)—Kaaps, hoofs.

HOOFSTUK XXX.

WOORDVORMING (vervolg).

B.—SAMEGESTELDE WOORDE.

Samestelling van woorde kan in Afrikaans op tweërlei wyse geskied:—

(a) Waar die twee woorde aaneengeskrif word sonder die gebruik van een of ander verbindingsletter, b.v. *inkpot, tafellaken, vensterruit*.

Die groot meerderheid Afrikaanse samegestelde woorde val onder hierdie groep, want die koppelteken word verreweg nie soveel in Afrikaans as in Nederlands of Engels gebruik nie. (Hieroor sal later volledig gehandel word.)

Samestelling kan geskied tussen:—

(i).—*Selfst. naamw. + selfst. n.w.*, b.v. *draadwerk, ysterwerk, baasswemmer, jakkalsstreke*.

(ii).—*Selfst. n.w. + w.w.*, b.v. *broekskeur, lapwerk, bokspring*.

(iii).—*Selfst. n.w. + byv. n.w.*, b.v. *kliphard, spekvet, stokoud, goudgeel*. (Dit is die intensiewe vorme van die byv. n.w.)

(iv).—*Byv. n.w. + w.w.*, b.v. *loskom, liefhê*.

(v).—*Byv. n.w. + selfst. n.w.*, b.v. *blikbord, raqibekkie, silwerketting, papbroek*.

- (vi).—*Byw. n.w.* + *byw.*, b.v. *regdeur, skuinsuit*,
 (vii).—*Byw.* + *byw. n.w.*, b.v. *ligblou, donker-
 groen*.
 (viii).—*Byw.* + *w.w.*, b.v. *toemaak, neerlé*.
 (ix).—*W.w.* + *selfst. n.w.*, b.v. *woonerf, roof-
 voël*.
 (x).—*Voorsetsel* + *w.w.*, b.v. *oppas, ingooi*.

Opm. (i).—Waar *ss* deur samestelling bymekaar kom, word hulle behou as die stam van die eerste woord op *-s* uitgaan; maar as die end-*s* 'n verbuigings-*s* is, val dit weg, b.v. *meisieskool* (*meisie* + *skool*).

(b) Met een van die verbindingsletters, *s*, *e* of *er*, b.v. :—

- (i) *-s-* olifantstand, hongersnood, broekspyp.
 (ii) *-e-* hondhok, mensevrees, reusetak, reuse-
 arm.
 (iii) *-er-* runderpes, kalwerhok, lammerwanger.

N.B.—Die *-er-* is 'n oorblyfsel van 'n oud-Nederlandse meervoudsuitgang, wat met verloop van tyd nog 'n ander meervoudsuitgang bygekry het, b.v. :—

oud-Ndl. <i>lam</i>	meerv. <i>lammer</i>
	nuwe meerv. <i>lammers</i>

In die woorde *eier* en *hoender* vind ons dit nou selfs in die enkelvoud, maar in die ander woorde is die *-er* in die meervoudsuitgang *-ers* ingesluit, b.v. *kalf, kalwers; kind, kinders*.

Dit is absoluut onmoontlik om reëls neer te lê in verband met samegestelde woorde wat die verbindingsletters *-s-* en *-e-* neem. Alleen die algemene uitspraak moet beslis, b.v. *wildsbraad, wilde-*

hoender, wildvreemd, wildskut; en dan is daar waarlik ook nog wildernis.

Let op die volgende woordpare:—

1. *bewusteloos*—Hy was bewusteloos geslaan,
onbewus—Hy was totaal onbewus van die hele saak.
2. *buigbaar*—Yster is buigbaar as hy rooivarm is.
buigsaam—'n Rotting is buigsaam (buig maklik).
draaglik—Die pyn is vandag meer draaglik.
draagbaar—(a) Dié koffer is draagbaar (hy is lig). (b) Die sieke word op 'n draagbaar vervoer.
verdraagsaam—Kindermeide moet verdraagsaam wees.
4. *eerlik*—Die man is 'n eerlike (vertroubare) kêrel.
eerbaar—Die vrou is eenvoudig, maar tog eerbaar.
eersaam—Ou Voortrekkers is gewoonlik eersame lidmate van die Kerk.
eervol—Die predikant het 'n eervolle ontslag gekry.
5. *geestig*—Sy geestige uitlatings laat almal lag.
geestelik—Hy voer 'n geestelike lewe.
6. *gevangenis*—Die dief sit in die gevangenis (tronk).
gevangenskap—Pa vertel dikwels van sy Ceylonse gevangenskap.
7. *hoogte*—Wat is die hoogte van dié boom?
hoogheid—Sy Koninklike Hoogheid.
8. *kinderlik*—Wees kinderlik in jou gebede.
kinderagtig—Daardie man is nog baie kinderagtig.
kinds—Oom Piet is nou al heeltemal kinds.

9. *kostelik*—'n Kostelike maaltyd (voortreflik).
kosbaar—Hy het kosbare meubels (duur).
kosteloos—Ons skole is kosteloos (skoolgeld-vry).
10. *laagte*—Die beste wei in die laagte.
laagheid—Die laagheid van sy handelwyse is af te keur.
11. *linker*—Hy skryf met sy linkerhand.
links—Hy skiet links.
slinks—Hy gaan op 'n slinkse (skelme) wyse te werk.
12. *meesteragtig*—Sy houding is baie meesteragtig.
meesterlik—Hy het 'n meesterlike stuk werk gedoen (uitstekend).
13. *openlik*—Hy het openlik met die saak uitgekóm.
openbaar—Hy is op 'n Openbare Skool alhier.
14. *ouderdom*—Hy het die hoë ouderdom van 80 jaar bereik.
oudheid—Die tabberd van die Voortrekkers word as 'n oudheid beskou.
15. *rekening*—Elke maand kry ek my rekening.
rekenskap—Jy sal moet rekenskap gee van die geld. *moral*
16. *sedelik*—'n Mens is 'n redelike, sedelike wese.
sedig—Die meisie het haar so erg sedig gedra.
17. *sinloos*—Hy het my 'n sinlose antwoord gegee.
sinneloos—Sinnelose mense gaan na Valkenburg.
sinlik—Te veel sinlike genot is verderflik vir die siel.
sindelik—Sy is 'n sindelike vrou (skoon).
18. *tydig*—Hy het my tydig laat weet.
tydelik—Hy is maar tydelik aangestel.
19. *verkieslik*—Melk is verkieslik bo water vir siekte.

- verkiesbaar*—Die ou Raadslid stel hom weer verkiesbaar.
20. *vyandig*—Hulle is vyandig gesind teenoor elkaar.
- vyandelik*—Omdat hy vyandelik opgetree het, kon ons nie tot 'n besluit kom nie.
- vyandskap*—Hulle lewe in vyandskap.
21. *wonderlik*—Dis 'n wonderlike ^{verhaal} verhaal daardie.
- wonderbaar*—Wonderbaar is U werke, o God!
- wonderbaarlik*—Hy het 'n wonderbaarlike ont-koming gehad.
- (En nog baie meer.)

Deur verskillende voorvoegsels aan dieselfde stam te voeg word die woordeskate van 'n taal aanmerklik verryk; b.v. :—

- gaan*—begaan, vergaan, ontgaan.
- ken*—beken, ontken, ^{erken} verken, herken, erken.
- hou*—behou, onthou, verhou.
- kleed*—beklee, ontklee, verklee.
- loop*—beloop, verloop, ontloop.
- neem*—beneem, ^{verneem} herneem, ontnem, verneem.
- stel*—bestel, verstel, herstel, ontstel.
- sien*—besien, ontsien.
- staan*—bestaan, ontstaan, verstaan.
- dra*—bedrag, verdrag, gedrag.

DIE GEBRUIK VAN DIE KOPPELTEKEN IN AFRIKAANS.

Samegestelde woorde word heeltewel te veel van mekaar geskryf, of die koppelteken word veels te veel gebruik. Dit is ten sterkste af te keur, omdat dit nog 'n nasleep is van die Engelse invloed.

Dié koppelteken word minder gebruik, omdat die taal so 'n verbasende krag besit om woorde wat verskillende begrippe uitdruk, tot 'n *eenheid* saam te smelt. So 'n krag word die *lewenskrag* of dié *aanpassingskrag* van 'n taal genoem.

Die koppelteken word nie gebruik nie:—

(a) Waar die twee woorde een begrip uitdruk, b.v. *lugskip, watervoor, skoolbiblioteek*.

Natuurlik sluit die reël ook in samegestelde uitdrukkinge waarvan die begrip 'n eenheid is, omdat dit in die daaglikse spreektaal so dikwels voorkom, b.v. *dikbeksyste, bloukoppkoggelmander, iandbou-tentoonstelling*.

(b) In geografiese name wat uit eiename en gewone name bestaan, b.v. *Drakensbergpas, Heksrivierberge, Umgenirivier, Adderleystrant, Kaapstad*; maar *Suid-Afrika, Suid-Afrikaans*.

(c) In woordê wat dié verbindingsklanke *e, s*, *er* alreeds het, b.v. *runderpes, skeidsregter, menselewe*.

(d) In samegestelde w.w., b.v. *belangstel*.

(e) Tydbegrippe, b.v. *tweeuur, agtuur*.

Let op die verskil tussen *twee uur* en *tweeuur*, *tien uur* en *tienuur*.

Dit is baie moeilik vir 'n vreemdeling wat Afrikaans wil aanleer, om te kan sê watter woorde of uitdrukkinge alreeds deur veelvoudige gebruik tot 'n vaste eenheid gegroei het, want dit hang allê van dié taalgevoel af, wat hy eers sal verkry ná hy lêm in dié Afrikaanse taal ingelewe het.

Die koppelteken word nog wel gebruik:—

(a) Waar die eerste deel en die tweede deel nie 'n vaste eenheid geword het nie, b.v. *boswêreld-boerelewe*; *stompstert-mannetjievolskuis*; *kombuis-Kaffermaniere*.

Natuurlik ook weer as die samegestelde uitdrukking nog nie deur veelvuldige gebruik tot 'n eenheid geword het nie, moet die koppelteken nog gebruik word, veral as 'n eienaam in die samestelling voorkom, b.v. *Maritzburg-resitasiewedstryd*; *Bismarck-politiek*; *piksteel-kommando*.

(b) In 'n hele sin wat tot 'n eenheid gegroei het, b.v. *kruidjie-roer-my-nie*; *ouvrrou-onder-die-kombers*; *wolf-en-jakkals-reën*.

(c) In samegestelde titels, b.v. *assistent-sekretaris*; *kommandant-generaal*.

(d) In reduplikasies, b.v. *blou-blou*; *fluit-fluit*; *sing-sing*.

(e) As 'n boel klinkers by mekaar kom wat maklik verwarring kan veroorsaak, word òf die koppelteken, òf die deelteken gebruik, b.v. *see-eend* (*seeëend*), *wa-as* (*waäs*), *wie-oes*, *eue-oue*.

(f) Om herhaling van dieselfde woord te vermy, b.v. *voor- en nadeel*, *voor- en agteruitgang*.

(g) Getalle, b.v. *een-en-twintig*, *honderd-en-tien-de* (nie miljoene nie).

HOOFSTUK XXXI.

DIE DUBBELE ONTKENNING:

Deur die dubbele ontkenning verstaan ons die herhaling van die negatiewe woord in 'n sin om 'n negatiewe begrip uit te druk. Hoewel soiets in ander tale (b.v. Grieks, Vlaams, en selfs in oud-Nederlands) voorkom, word die dubbele ontkenning tog as een van die vernaamste eienskappe van die Afrikaanse taal beskou.

Baie mense is geneë om die tweede ontkenningswoord weg te laat in die skryftaal, omdat dit nie duidelik gehoor word nie. Dit mag nie. Daar die regte gebruik van die dubbele ontkenning so veel moeilikheid in die skryftaal veroorsaak, sal dit nodig wees om volledig in die gebruik daarvan in te gaan. In die spreektaal kom dit as vanself reg.

Die dubbele ontkenningswoorde wat gebruik word, is:—

- (i) nie nie.
- (ii) nooit nie (nimmer nie).
- (iii) niks niè.
- (iv) nêrens nie.
- (v) niemand nie.
- (vi) geen (byv.) ~ nie.

Daar die gebruik van al die pare min of meer dieselfde reëls volg, sal net die *nie* *nie* hier bespreek word.

DIE ONTKENNING IN 'N ENKELVOUDIGE SIN.

1.—(a) As die sin uit 'n onderwerp en een enkel woord as gesegde bestaan, d.i. sonder enige hulpw.w., is daar maar een *nie*, wat aan die end staan, b.v. *Hy speel nie; Ek gaan nie.*

L.W.—Dikwels as die woordjies *nooit*, *niks*, *niemand* of *nêrens* gebruik word, kry die sin nog die *nie* agteraan, b.v. :—

- (1) *Hy werk nooit nie.*
- (2) *Ek sien niks nie.*
- (3) *Hy hindêr niemand nie.*
- (4) *Hy gaan nêrens nie.*

Soms word *Hy gaan nooit nêrens nie* gehoor, veral as nadruk daarop gelê word, en ook *Hy sal so nooit as te nimmer leer nie.*

(b) 'n Uitbreiding van die onderwerp het geen effek op die ontkenningwoord *nie*, b.v. *Jan, die skaapwagter, slaap nie* (of *nooit nie*).

(c) 'n Sinnetjie wat bestaan uit slegs 'n onderwerp en 'n gesegde wat sonder enige hulpw.w. is, kry die dubbele ontkenning as die gesegde 'n *skeidbare samegestelde w.w.* is, b.v. :—

- (1) *gelukwens* :—*Hy wens my nie-geluk nie.*
- (2) *liefhê* :—*Ek het hom nie lief nie.*
- (3) *deurloop* :—*Nee, ek loop nie deur nie.*

2.—(a) Sodra die w.w. 'n voorwerp of 'n byw. bepaling het, kan die dubbele ontkenning gebruik

word. Soms word die een *nie* wel weggelaat. Hier word die oor veral geraadpleeg.

Maar as die voorwerp 'n voornaamw. is, is dit absoluut nodig dat dit 'n voorsetsel moet hê voor die dubbele ontkenning gebesig kan word, b.v. :—

- (1) *Ek eet nie appels nie.*
- (2) *Pa skiet nie kwikstertjies nie.*
- (3) *Ma ken nie vir haar nie.*
- (4) *Ma ken haar nie.*
- (5) *Ons swem nie in die rivier nie.*

(b) As die negatiewe woord voorafgegaan is deur *miskien*, *glad*, of *liewers*, word die dubbele ontkenning gewoonlik nie gebruik as die gesegde 'n enkelvormige w.w. is *nie*, b.v. :—

- (1) *Ek skryf aan hom glad nie.*
- (2) *Hy vertrou daardie skelme dief liewers nie.*
- (3) *Koos eet appels miskien glad nie.*

3.—As die gesegde van die sin 'n hulpw.w. insluit, is die dubbele ontkenning absoluut noodsaaklik, b.v. :—

- (1) *Ek het dit nie gedoen nie.*
- (2) *Ons kan mos nie skiet nie.*

4.—As twee of meer newensgeskikte sijnne deur *want*, *maar*, *dus*, *daarom*, *toe* verbind 'n ontken-

ning bevat, word die tweede *nie* aan die end van die sin wat die ontkenning uitdruk, geplaas, b.v. :—

- (1) *Hy was nie daar nie, want sy ma was siek.*
- (2) *Jy wou nie luister nie; dus kry jy geen prys nie.*
- (3) *Hy was nie daar nie, toe het ek maar weer teruggekóm.*

5.—Die bo-aangegewe reëls geld ook in geval van *vrae*, b.v. :—

- (1) *Waarom leer jy tog nie?*
- (2) *Waarom wil jy tog nie leer nie?*

6.—In 'n negatiewe bevel word *moet nie moenie*, b.v. *Moenie jou werk so slordig doen nie.*

7.—Dikwels affekteer die verandering van die woordorde die dubbele ontkenning, b.v. :—

- Ek skryf nie aan kinders nie.*
- Aan kinders skryf ek nie.*

DIE ONTKENNING IN 'N SAMEGESTELDE SIN.

1. As die hoofsin die ontkenning bevat en voor die bysin staan, word die tweede *nie* aan die end van die bysin(ne) geplaas; maar as daar 'n lang reeks bysinne volg, sodat die tweede *nie* so ver van die eerste kom dat sy effek byna nul is, kan hy maar gerus weggelaat word, b.v. :—

- (1) *Ek kan nie sien wat dit daarmee te doen het nie.*
- (2) *Jan sê my nooit dat hy die boek wat ek hom geleen het, verloor het nie.*

Maar let op die gebruik van die ontkenning in verband met *omdat*, b.v. (1) *Hy doen dit nie omdat hy bang is nie, maar om 'n ander rede*; (2) *Hy doen dit nie, omdat hy bang is.*

- (3) „Dit sou *nie* nodig wees om te sê *nie* dat die gerugte wat hier rondgegaan het, net toe hy van die oorlog teruggekom het, nadat hy daar meer as drie jaar deurgebring het in die loopgrawe, waar hy met 'n onbeskofte klas mense in aanraking gekom het, waar is.”

2.—As die bysin sowel as die hoofsin 'n ontkenning bevat, word *drie* negatiewe woorde gebruik, b.v. *Dit kan nie reën solank as daar geen wolke is nie.* Maar wanneer *omdat* gebruik word, het ons vier *nie*'s, b.v. *Hy mag nie gaan nie, omdat sy werk nog nie klaar is nie.*

3.—As die bysin die ontkenning bevat en voor die hoofsin staan, kom die tweede ontkenningswoord aan die end van die bysin; dus net voor die hoofsin, b.v. *Daar dit vir geen maande gereën het nie, het baie beeste omgekom weens die droogte.*

4.—Enkel of dubbel ontkenningswoorde kan gebruik word in sinne:—

(a) Wat 'n *bevestigende* begrip uitdruk as een of ander gevoel daarin begryp is, b.v. *Watter smart moet ons nie ly nie; Hoe lekker kan hy hom tog nie uitdruk nie.*

(b) Wat 'n *bevestigende* begrip uitdruk, maar waar dit een of ander bywoord of byvoeglike n.w. is wat ontken word, b.v. *Hier is 'n boek, nie myne nie, maar syne; Nie my boek nie, maar syne, lê op die tafel.*

REDUPLIKASIES.

In Afrikaans tref ons dikwels twee woorde met dieselfde betekenis in een sin aan. Dit is 'n eienaardige verskynsel in Afrikaans. Hieronder volg 'n paar sulke reduplikasies :—

1. Die muis het *uit* daardie gat *uit*gekom.
2. Moenie my so pla nie; loop *uit* die kamer *uit*.
3. Hulle gaan vanaand *na* die bioskoop *toe*.
4. *Van* watter deel van die wêreld kom jy *van*-
daan?
5. Die duiwel het *in* hom *inge*vaar.
6. Ek sal die mes *van* hom *af* kry.
7. Ek het dit *al* lankal sien aankom.
8. Ek het die tee *in* die koppie *inges*kink.
9. Kom *saam* met my skool-*toe*.
10. Wat is dit *met* jōu *saam*?
11. *Die* man *die* slaan, en *die* kind *die* huil.

AANHANGSEL I.

DIE INTERVOKALIESE G.

Sommige mense beweer dat as *ae* (*age*) en *ee* (*ege*), (*maer*, *reent*) as klinkers beskou word, die *eë*, *oë*, *ieë*, *oeë* (*reën*, *hoër*, *spieël*, *koeël*) ook as sodanig geklassifiseer behoort te word. Ons is dit met hulle nie eens nie en hou dus nog vol in ons beskouing van die eerste uitgawe van die Grammatika, nl. dat slegs die *ae* en *ee* (Ndl. *uge* en *ege*) as klinkers beskou kan word, maar die *eë*, *oë*, *ieë*, *oeë* nooit nie.

Ons wens hier die geleentheid te baat te neem om ons sienswyse 'n bietjie te verduidelik.

Waar die *g* van die Nederlandse woord verdwyn het tussen twee *e*'s, is die sametrekking *ee* een klinker slegs in woorde waar die deelteken nie bo die tweede *e* gebruik word nie—d.w.s. waar die *ee* gevolg word deur twee medeklinkers in dieselfde lettergreep in die onverboë vorm van die woord, b.v. *reent*, *gereeld*, *geleentheid*. Sodra, egter, die deelteken gebruik word, staan die twee *e*'s in aparte lettergrepe. Dit is trouens die doel van die gebruik daarvan. O.i. is dit mos onmoontlik om twee klinkers in twee aparte lettergrepe as *een* klinker te gaan beskou. Dieselfde geld ook vir *oë*, *oeë* en *ieë*. Die gedeeltekende *-e* (*ë*) in dié gevalle is die kort swak-beklemde *-e*, maar net 'n

weinigie korter en swakker as die gewone kort swak-beklemde *e* soos dit voorkom in die woorde *besem*, *lepel*, ens.

Dit is miskien nie so maklik vir 'n ongeoefende om die tweelettergripigheid van woorde soos *reën*, *vermoë*, *spieël* en *koeël* te bespeur as in die geval van woorde soos *geëet*, *drieënig*, *poëet*, *koeie*, en *baie* nie; maar dat die tweede lettergreep begin voor die gedeeltekende *-e*, is ons vaste oortuiging.

In die laasgenoemde reeks woorde het ons te doen met òf *tweeklanke* (*baie*, *koeie*) òf die fonetiese *klapklinker*, wat gebruik word voor 'n beklemde vokaal wat 'n lettergreep aanvang. In eersgenoemde reeks woorde het ons eenvoudige vokale in aparte lettergrepe.

Die *klapklinker* word in fonetiese skrif verteenwoordig deur 'n teken wat soos 'n vraagteken (?) lyk. Die klank tref ons nie in woorde soos *spieël*, *koeël*, ens., aan nie, maar sy afwesigheid wil tog nie te kenne gee dat die *eë*, *oë*, *ieë* en *oeë* daardeur in dieselfde lettergreep kom nie, ewemin as die afwesigheid daarvan ons sou regverdig om die *oëie* van *koeie* en die *aie* van *baie* as soorte drielanke(?) te gaan beskou.

In fonetiese skrif lyk die woorde so:—(tussen hakies). L.W.—Die swak-beklemde *e* behoort in fonetiese skrif geskrywe te word met 'n *e* onderstebo; maar daar dit moeilik vir die drukkers is om dit so te druk, sal dié *e* maar net kursief gedruk word. Twee titteltjies ná 'n klinker beteken dat

die klank langer is as een met net een titteltjie daarna. Die koppelteken word gebruik tussen lettergrepe.

koeie = [kui·e.]	baie = [ba·i-a.]
geëet = [xe·?et.]	reën = [re-en.] maar reent = [re : nt.]
drieënig = [drie-?enex.]	spieël = [spi·-el.] i.p.v. [spi : l.]
poët = [po-?et.]	vermoë = [fer-mo·-e] i.p.v. [fer-mo :]
koel = [ku·l.]	koeël = [ku·-el.] i.p.v. [ku : l.]

Met die *ae* (Ndl. *-age*) egter is daar 'n ander moeilikheid. Die deelteken word hier nooit bo die *e* geskrywe nie, en tog is daar gevalle waar die twee lettertekens in twee aparte lettergrepe staan.

In Afrikaanse woorde wat die *g* ná 'n *a* of *aa* het in die onverboë vorm, maar dit verloor sodra 'n swak-beklemdede *e* in die verbuiging volg, kry ons die *a* en *e* in aparte lettergrepe, b.v. :—

sae (meerv. van <i>saag</i>) = [sa·-e.]
laer (verg. trap van <i>laag</i>) = [la·-er.]
klaer (selfst. n.w. van <i>klae</i>) = [kla·-er.]

Maar waar die *g* van die Nederlandse woord heeltemal verlore gegaan het in die Afrikaanse vorm daarvan, het ons duidelik maar net een lettergreep en dus maar net een baie lang klinker, b.v. :—

Ndl. nagel	...	Afr. nael = [na : l.]
„ mager	...	„ maer = [ma : r.]
„ hāgel	...	„ hael = [ha : l.]

So ook met *swaer*, *waens* en *laer*. Die verskil is duidelik merkbaar in die woordjie *laer*.

- (a) Verg. trap van *laag* = [la ·-er] (verboë vorm)
 (b) Krygskamp = [la :r] (onverboë vorm).

Ook in Nederlandse werkwoorde op *-agen* wat in Afrikaans die *g* verloor het en dus nou op *-a* of *-ae* eindig, is die *ae* maar net een suiwer klinker; maar in afleidinge van sulke werkwoorde kry ons weer die twee klinkers in twee aparte lettergrepe, b.v. :—

- drae [dra :]; plae [pla :]; klae [kla :];
 sae [sa :]; maar draer [dra ·-er]; plaer [pla :-er]

Let op die verskillende uitsprake van :—

- sae* (1) meerv. van *saag* = [sa ·-e]
 (2) w.w. = [sa :]

Ons bewering kom dus kortliks hierop neer : Waar die *g* wegval tussen *a* en *e* of tussen twee *e*'s, kry ons soms 'n klinker, maar nooit waar dit wegval tussen *o* en *e*, *oe* en *e*, en *ie* en *e* nie.

Weliswaar spreek baie mense sulke woorde as *spieël*, *koeël*, *seëvier*, ens., uit asof hulle maar net een vokaalklank bevat, maar dit is nog die vraag of dit behoort geduld en aangemoedig te word; o.i. is die een-vokaal-klank-uitspraak van sulke woorde net so slordig as die uitspraak *deer* i.p.v. *deur*, en *hys* i.p.v. *huis*, en 'behoort eweveel afgekeur te word.

Gaarne sal ons in korrespondensie met ons kollegas oor hierdie punt wil tree.

AANHANGSEL II.

STOFLIKE BYVOEGLIKE NAAMW.

In die tweede uitgawe van hierdië Grammatika hou ons nog vol in ons oorspronklike beskouing dat *silwer* en *blik* in woorde soos *silwerketting* en *blikbord*, stoflike byvoeglike naamwoorde is, hoewel sekere krietisie hulle as selfst. n.w. beskou. Verre sy dit van ons dat ons ons sienswyse aan iemand wil opdring. Ons wens net kortliks ons beskouing van die saak uiteen te sit.

Ons gaan uit van die standpunt dat wanneer 'n byv. n.w. selfstandig gebruik word, dit dan 'n verbuiging moet ondergaan. B.v. „Watter kussing wil jy hê—*die harde* of *die sagte*?” Met woorde soos *silwer* en *blik* tref ons dieselfde verskynsel aan. B.v. „Watter bord wil jy hê—*die silwere* of *die blikke*?” As ons nou die versweë selfst. n.w. invoeg en dus die woorde as byv. n.w. gebruik, kry ons *Die harde kussing of die sagte kussing*; *Die silwerbord of die blikbord*. Die enigste onderskeid is dat in die tweede sin die woorde aanmeekaarskrywe word. Die aanmeekaarskrywery, waarmee ons nie heeltemal eens is nie, is o.i. nie voldoende rede om die materiaal-gedeelte van dié soort woorde as selfst. n.w. te gaan beskou nie.

Eet is nog 'n werkwoord, hoewel dit die uitgang van sy Nederlandse vorm, nl. *-en*, verloor het. Die *-en* van die Nederlandse *zilveren* het volgens dieselfde klankproses verdwyn. Waarom moet hy nou juis daardeur aan die ander woord gekoppel en as selfst. n.w. bestempel word?

Enigeen sal met ons saamstem dat *silveren* in 'n *silveren horloge* 'n byv. n.w. is. Waarom moet ons nou *ons* vorm van *silveren*, nl. *silwer*, as 'n selfst. n.w. gaan beskou, net omdat dit ongelukkig dieselfde spelling het van die *stof*, wat wel deeglik 'n selfst. n.w. is.

Ons hou dus nog vol dat die materiaal-gedeelte van woorde soos *silwerketting*, *blikbord*, ens., wel deeglik 'n stoflike byvoeglike naamwoord is en wel om die volgende twee redes:—

(1) *Blik*, *silwer*, ens., is ons vorme van die Nederlandse stoflike byv. n.w. op *-en--blikken*, *silveren*, ens.—, wat maar net die *-en* aan die end verloor het (vgl. *werk*, Ndl. *werken*; *bulder*, Ndl. *bulderen*, ens.).

(2) *Blik*, *silwer*, ens., kan die byv.-n.w.-toets deurstaan, nl. die aanlas van *-e* as dit selfstandig gebruik word—iets wat 'n selfst. n.w. as *tafel*, *skool*, ens., nie kan doen nie.

Ons het nou ons sienswyse van die saak uiteengesit en ook die beskouing van die opstellers van die *Woordelys* aangestip. Ons laat die saak verder in die hande van elke onderwyser(-es), wat nou die saak self kan ondersoek en dan sy (haar) eie opinie daarvoor vorm.

Gaarne sal ons in korrespondensie wil tree met kollegas oor hierdie onderwerp.

Oefeninge en Taalwerk

IN VERBAND MET DIE

Praktiese Afrikaanse Grammatika

Spesiaal bedoel vir gebruik in Skole met Afrikaanse
Medium as voorbereiding vir

Afrikaanse-Taal-, Taalbond- en ander Eksamens

DEUR

C. M. BOOYSEN, B.A., O.1.

Lektor in Afrikaans aan die Opleidingskollege,
Pietermaritzburg,

en

MEVR. M. JANSEN, B.A.,

Pietermaritzburg.

PRYS 4/3 POSVRY.

Die *Oefeninge en Taalwerk* is in vier dele verdeel.

A. Aparte oefeninge op elk van die verskillende hoofstukke van die *Praktiese Afrikaanse Grammatika*.

B. Oefeninge vir Vertaling, Parafrasering, Sinsontleding, Diktee en Leestekens.

C. Algemene oefeninge, wat 'n soort hersiening is op wat voorafgegaan het, en wat 'n grondiger

toets sal wees van die leerlinge se taalkennis. Asook die eksamen-opgawes van :—

- (i) Die Afrikaanse-Taaleksamens van die Nattale Saamwerk-Unie.
- (ii) Laer en Hoër Eksamens van die Suid-Afrikaanse Taalbond.
- (iii) Junior-Sertifikaat- en Matriek-eksamens van die Uniwersiteit van Suid-Afrika.

D. 'n Aanvulling wat o.m. bestaan uit omtrent 200 van die mees bekende Afrikaanse idioome met hul Afrikaanse en Engelse verklaringe, en die hoofdele van enige sterk Nederlandse werkwoorde—iets wat o.i. onmisbaar is vir 'n leerling (veral die Engelse kind) wat later uit die skatte van die Nederlandse lettere wil put.

Weens die verskeidenheid van die oefeninge in die boekie bevat, ag ons dit heeltemal geskik om in al die hoër klasse van 'n skool gebruik te word. Dit wil nie sê dat al die oefeninge ewe maklik (of moeilik) is nie; intendeel, die onderwysers(esse) word vry gelaat om hul eie diskresie te gebruik om, na gelang van plaaslike omstandighede, oefeninge en vrae uit te soek en met die klas te behandel of vir huiswerk voor te skryf.

DIE AFRIKANER-BOEKHANDEL,

Nasionale Pers, Beperk,

BUS 169, Pietermaritzburg.

